

# COMMUNIKÉ

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

¥ \$

£ DM

R

Debits

37 37.37 4,817.37

15,467.25 55,467.25

6,898.73 1,898.73

13,441.66 12,441.66

46,764.96 66,764.96

43,234.67 43,534.67

32,654.78 32,654.78

3,567.76 3,577.76

3,567.685 8,567.685

25,456.43 9,567.685

21,572.68 3,577.76

76,461.90 76,461.90

7,879.90 6,869.90

-----

76,769.80 92,749.80 43,722.80

=====

-----

6,817.37 1,817.37

75,467.25 12,467.25

6,898.73 3,898.73

13,441.66 14,441.66

46,764.96 56,764.96

43,234.67 46,234.67

32,654.78 72,654.78

4,567.76 8,567.76

3,567.685 9,567.685

55,456.43 20,456.43

21,572.68 11,572.68

66,461.90 72,461.90

7,879.90 3,879.90

-----

43,722.80 74,569.70

=====



*Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*  
Universiteit van Pretoria

**1992**



# OP DIE DRUMPEL VAN 'N DINAMIESE TOEKOMS



Die hodingang van die nuwe gebou van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Oor die afgelope 70 jaar het hierdie Fakulteit die deur na sukses vir duisende studente geopen. 'n Indrukwekkende lys van oudstudekte wat die hoogste sport bereik het, getuig van 'n tradisie van uitnemendheid.

Studekte word steeds voorberei vir 'n dinamiese toekoms deur bekwame personeel wat hul onderrig en navorsingstaak met toewyding uitvoer.

Skakel prof S Marx, dekaan, vir meer besonderhede oangaannde studierigtings by tel (012) 420-2425

Die Fakulteit is die drumpel na sukses.





### Skakelblad

*Communiké* word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Hierdie skakelblad van die Fakulteit verskyn een keer per jaar. Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van *Communiké* elders aangehaal word. Menings wat in *Communiké* uitgespreek word, weerspieël nie noodwendig die sienswyse van die Fakulteit nie.

Redaksionele bydraes word verwelkom en sal, met die voorbehoud van redaksionele veranderings, oorweeg word vir plasing.

Rig bydraes en navrae aan:  
Die Redakteur: *Communiké*  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe  
Universiteit van Pretoria  
Pretoria 0002  
Telefaks: (012) 342-2431  
Telefoon: (012) 420-3328

### Redakteur

Mev Adri van der Merwe

### Redaksionele assistent

Mev Doret van der Westhuizen

### Departementele verteenwoordigers

Mev Alida Botha, prof Hein Brand, prof Petrus Brynard, prof Thinus de Wet, mej Melanie Greeff, mev Johanna Hellberg, mnr Jan Janse van Rensburg, mev Aletta McGee, mnr Mauritz Oberholzer, dr Helmke Sartorius von Bach, mnr Neels van Heerden, mnr Hendrik Wolmarans.

Mev Petrea Thomas-Kapp  
(Taalversorging)

### Ontwerp

Ink Design Studios, Pretoria

### Reproduksie

Jet Set Photosetting, Pretoria  
Graphtech Communications, Pretoria

### Gedruk deur

Dando and Van Wyk Printers,  
Johannesburg



Universiteit van Pretoria

# COMMUNIKÉ

## INHOUD

JAARGANG 5

NOVEMBER 1992

ISSN 1013-168X

### Fakulteitsnuus

- 2 "Ons maak mōre se uitdagings vandag se geleenthede"
- 3 Openbare bestuurders word geskool
- 4 Ongeduldiges betaal die prys
- 5 Só maak Informatika naam

### Onderrig

- 7 Meester, meesters, meestersgraad
- 8 Dit het almal aan die praat
- 10 Slaan 'n rekord

### Oudstudente

- 12 Tien uit Tien
- 14 Hy het sy merk gemaak
- 16 "Dit is ereskuld wat ek vereffen"
- 17 'n Oud-Tukkie en 'n handvol klei
- 18 Oudstudente: Rekenaarinligtingvorm

### Internasionaal

- 19 Ekonomie woeker in internasionale mark
- 20 Leer korrupsie keer
- 21 Land Tax: Fearsome or Feasible?
- 22 Goeie administrasie is 'n kuns

### Navorsing

- 23 Kos vir Afrika
- 24 Oor kwaliteit en kwantiteit
- 26 Wen oninbare skuld!
- 27 Does it really pay to advertise?

### Personeel

- 28 bui•ten•ge•woon: Ongewoon, in hoë mate; uitstekend
- 30 Direkteure bring wye navorsingskundigheid
- 31 Hy is markklaar
- 32 'n Gesonde besluit
- 33 Die mensfaktor

### Aktueel

- 34 Sewe stappe in die regte rigting
- 36 Maak werk hiervan

### Gemeenskapsdiens

- 38 Kortkursusse kán 'n belegging wees
- 40 Bestuur bates beter
- 41 Klop staatsboeke met dié kursus

### Publikasies

- 42 Nuut op die boekrak


### Studente

- 44 Image of success
- 46 GR, kom huis toe!
- 47 Ter informatika: Nasionale wenner aangewys!
- 48 Klawers is haar toetsbord



# “Ons maak môre se uitdagings vandag se geleentheid”

– ’n Boodskap van die dekaan, prof Sieg Marx



“Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het hom gedurende 1992 stewig op die pad van toekomstgerigte strategiese bestuur geplaas. In ’n snelveranderende eksterne en interne omgewing word doelbewus en doelgerig gepoog om tydig, doeltreffend en effektief te reageer op en aan te pas by die heersende en verwagte veranderings in die Suid-Afrikaanse universiteitswese en meer bepaald die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.”

**D**ie strategiese bestuur van die Fakulteit is gegrond op ’n holistiese stelselbenadering waarin die visie en missie, omgewingsverkenning en die totale markaanbod deurslaggewende veranderlikes is.

Die Fakulteit streef daarna om binne sy interne vermoëns in kwaliteit en kwantiteit te groei ten einde die beste te presteer en ’n leierskapsposisie te beklee op die gebied van die onderrig, opvoeding, navorsing en gemeenskapsdiens in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

In voorgaande strewes gebruik die Fakulteit ’n totale markaanbod as belangrikste meganisme om geleentheid te benut en bedreigings in geleentheid te omskep. Die Fakulteit glo dat hy deur middel van sy personeel, vakkursusse, graadpakkette, infrastruktuur, ligging, onderrigtaal en kommunikasie uitnemend toegerus is om sy kliënte se behoeftes optimaal te bevredig en om hom uniek, relevant, onmisbaar, mededingend en ’n leier in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te maak.

Om praktiese gestalte te gee aan hierdie totale markaanbod:

■ is ’n Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie en ’n Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie gedurende 1992 in die Fakulteit gevestig;

■ word sekere vakkursusse op die 100-vlak soos Ekonomie, Bedryfseconomie, Statistiek, Finansiële Rekeningkunde en Informatika van 1992 af in Engels aangebied, terwyl vordering ook gemaak word met die instelling van ’n volledige BCom(Rekening-

wetenskappe)-graad deur die medium van Engels;

■ word ’n omvattende ondersoek tans rondom bestuursopleiding in die Fakulteit gedoen met die oog op vernuwing en herstrukturering;

■ word die naurse/deeltydse onderrig eweneens vernuwe en herstruktureer met die oog op intensiewe bemerking;

■ word bemerking van die Fakulteit as ’n funksie erken wat deeglik bestuur moet word;

■ is twee Fakulteitsimposia oor Onderrigontwikkeling in die Fakulteit gehou wat deel vorm van die Onderrigontwikkelingsjaar van die Universiteit.

Doelgerigte pogings gaan ook in die toekoms aangewend word om die huidige internasionale betrokkenheid van die Fakulteit en sy departemente te verstewig en verder uit te bou.

Die Fakulteit strewes ook doelbewus daarna om sy oudstudente op te spoor en om hulle op ’n omvattender skaal te betrek by en in te lig oor sy werksaamhede. In hierdie verband speel *Communiqué* ’n uiters belangrike rol.

Om die huidige en toekomstige strategiese aksies van die Fakulteit te laat realiseer, verg beslis ’n spanpoging. Daarom wil ek graag hierdie geleentheid gebruik om die Raad van die Universiteit van Pretoria, die rektorat en al die ander belangegroepes van die Fakulteit van harte en opreg te bedank vir hul meeleving, welwillendheid, ondersteuning en harde werk om die Fakulteit te laat slaag in sy doelwitte. □

# Openbare bestuurders word geskool

“In ’n veranderende konstitusionele bedeling sal die openbare sektor ’n belangrike en deurslaggewende rol speel om die struktuur en wese van die Nuwe Suid-Afrika in stand te hou. Daarom is dit belangrik om die huidige akademiese onderrig en navorsing in veral Openbare Bestuur indringend te hersien en aan te pas. Só kan gepoog word om in die veranderende behoeftes van die openbare sektor te voorsien en om die welvaart en lewenskwaliteit van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder.” Dit is die mening van prof Sieg Marx, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

**D**it is met hierdie doel voor oë dat die Universiteit van Pretoria besluit het om ’n Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (Soba) van 1 Januarie 1993 in te stel. Geïdentifiseerde leiers op die terrein van openbare bestuur en administrasie sal binne Soba opleiding ontvang en voorberei word om hulle volle potensiaal te ontwikkel. Die Skool sal gerig wees op diens aan die openbare sektor op sentrale, streeks- en munisipale owerheidsvlak.

Aangesien onderrig en navorsing op hierdie gebied interdisiplinêr is, kan dit nie effektief deur een akademiese departement hanteer word nie. Verskillende departemente in die fakulteite Ekonomiese en

Bestuurswetenskappe, Lettere en Wysbegeerte en Regsgeleerdheid sal hierby betrokke wees.

“’n Andersoortige entiteit as ’n akademiese departement is nodig om snelle aanpassings in produkte soos diplomas, grade en kortkursusse moontlik te maak en om tydlig, doeltreffend en effektief op besondere behoeftes en uitdagings te kan reageer. Daarom is besluit op die instelling van ’n skool,” sê prof Marx.

Die Skool, met ’n direkteur as hoof, sal in die Departement Bestuurswese in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gesetel wees. Die werksaamhede sal deur ’n bestuurskomitee, met die dekaan as voorsitter, gerig word.

Die produkreeks wat Soba by die Universiteit gaan aanbied, sluit in sertifikaatkursusse wat van tyd tot tyd volgens behoefte aangebied sal word. ’n Diploma in Openbare Bestuur en Administrasie word ook oorweeg vir studente wat nie vir ’n graadkursus wil of kan inskryf nie. ’n Student wat matriekvrystelling het, kan ’n baccalaureusgraad met verpligte en keusevakke uit die betrokke fakulteite volg.

Die nagraadse onderrigprogram wat aangebied sal word, sluit in ’n honneursgraad in beide Openbare en Munisipale Bestuur en Administrasie. ’n Multidissiplinêre benadering sal by albei rigtings gevolg word. Vir die magistergraad in die twee rigtings kan of ’n gewone verhandelings tipe benadering of ’n gedoseerde magistergraad met ’n multidissiplinêre vakaanbieding uit ander departemente van die Fakulteit gevolg word. ’n Doktorsgraad in Openbare en Munisipale Bestuur en Administrasie sal ook binne dié Skool verwerf kan word.

Prof Marx wys daarop dat Soba tred sal kan hou met die behoeftes van die openbare sektor. “Die medium van onderrig vir al die moontlike kursusse en programme sal deurlopend aangepas word volgens spesifieke behoeftes,” sê hy.

Die instelling van dié Skool bewys weer eens dat uitdagings van môre gebruik moet word om vandag se strategieë te rig. □

*Die Uniegebou, setel van die openbare sektor*





# Ongeduldiges betaal die prys

“Ons wil ’n kultuur skep van ongeduld met swak prestasie – eintlik ’n onwilligheid om daarmee saam te leef.”



Mnr Robert van Eyden (links), een van die beste nagraadse studente in die Departement Bedryfsekonomie, ontvang sy prys van mnr Peter Cox, hoofbestuurder van Sasol

**M**et dié woorde het mnr Peter Cox, hoofbestuurder van Sasol, die rol van die 43 donateurs by die prysuitdelingsfunksie van die Fakulteit beskryf. Mnr Cox het tydens vanjaar se funksie, wat op 14 Mei plaasgevind het, ’n boodskap namens al die skenkers gerig.

Prysgeld met ’n totale kontantwaarde van net meer as R63 000 is tydens die geleentheid aan studente vir voortrefflike prestasie in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe oorhandig.

Mnr Cox het daarop gewys dat die skenkers nie net donateurs van hierdie Fakulteit is nie, maar ook kliënte. “Ons skenk nie die pryse net vir publisiteit nie, maar omdat die Fakulteit ’n diens en ’n produk lewer wat aan ons vereistes voldoen. Geoordeel aan die omvang van prestasietoekennings wat vanaand hier oorhandig word, doen die Fakulteit hierdie taak besonder goed,” het hy gesê.

Hy het namens al die donateurs beklemtoon dat die pryse wat toegeken word ’n direkte bydrae sal lewer tot die strewe na hoër prestasie. Volgens hom is dit die belangrikste rol van die donateurs. □

## Baie dankie aan die donateurs wat betrokke was by vanjaar se prysuitdelingsfunksie:

ABSA Konsultante en Aktuarisse	Murray & Roberts Civil (Pty) Ltd
Agrihold	Nasionale Produktiwiteitsinstituut
Alberts, Venter en Vennote	Nedbank
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise, UP	Nissan SA (Edms) Beperk
Coopers Theron Du Toit	Pretoriase Streeksvereniging - Geoktrooieerde Rekenmeesters
Deloitte Pim Goldby	Price Waterhouse Meyernel
Deloitte Pim Goldby (Belastingafdeling)	Rentmeester Versekerers Beperk
Departement Informatika, UP	Saambou Bank Beperk
Departement Personeelbestuur, UP	Saambou Lewensversekerers Beperk
Dr Louis Luyt	Safair Freighters
Dr Anton Rupert	Samcor
Dr Carel van Aswegen	Sanlam
Ernst & Young	Sanlam Finansiële Adviesdiens
Fisher Hoffman Stride	Sasol Beperk
Instituut van Lewens- en Pensioenadviseurs	Servgro Internasionaal Beperk
Instituut van Interne Ouditeure	Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
Instituut vir Personeelbestuur (Noord-Transvaaltak)	Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters
J L van Schaik (Edms) Beperk	Unipret Uitgewers
Juta Uitgewers en Boekhandelaars (Edms) Beperk	Vereniging van Staatsamptenare van Suid-Afrika
Kessel Feinstein, Pretoria	Volkas Bank Beperk
KPMG Aiken & Peat, Pretoria	Yskor Beperk
Mnr Chris Heunis	

# Só maak Informatika naam



Die Departement Informatika het 'n bemerkingsveldtog van stapel gestuur – nie net om dié vakgebied aan huidige en voornemende studente bekend te stel nie, maar veral ook om die onderskeid tussen Informatika en Rekenaarwetenskap as vakgebiede duideliker te maak.

**G**edurende 1989 het 'n relatief jong departement in die Fakulteit 'n naamsverandering ondergaan. Die Departement Handelsrekenaarwetenskap staan sedertdien bekend as die Departement Informatika.


Hierdie verandering het talle voordele ingehou. Dit het onder meer gehelp om die verwarring tussen Rekenaarwetenskap en Handelsrekenaarwetenskap uit die weg te ruim. Hoewel die nuwe naam baie meer prakties is om te gebruik, het die verandering egter ook sekere probleme tot gevolg gehad.

## Die probleem

Persone wat nie vertrou is met rekenaars en rekenarterme nie, sukkel om die woord *informatika* met *rekenaars* in verband te bring. Gevolglik sien 'n groot aantal voornemende studente die kursus en vak oor die hoof wanneer hulle met hul studies aan die Universiteit van Pretoria begin.

Nog 'n nadeel is dat sommige werkgewers nie kennis dra van die omvang van die vakkursus nie. Gevolglik beseft hulle nie werklik wat die waarde van 'n persoon met 'n BCom(Informatika)-graad, of met Informatika as keusevak is nie, en ook nie wat dit vir hul ondernemings inhou nie.

Op 'n ligter trant, verwar sommige mense die naam Informatika met 'n algemene inligtingsdiens. Dan moet die Departement bontstaan om vrae soos: "Waar vind die gradeplegtigheid plaas?" of "Hoeveel chloor moet ek in my swembad gooi?" te beantwoord.



"Ons stel belang in die mense wat rekenaars gebruik," sê dié T-hempontwerp van die Departement Informatika





Om hierdie probleme te oorkom het die Departement Informatika in 1991 'n bemarkingsveldtog van stapel gestuur, met die doel om die Departement aan huidige en voornemende studente bekend te stel.

### Die logo

Om mee af te skop is 'n departementele logo in samewerking met finalejaarstudente van die Departement Beeldende Kunste ontwerp om die eie identiteit van die Departement te vestig. Die twee kernelemente in die logo - die rekenaar en die mens - beeld duidelik uit wat Informatika behels.

Om sy studente op te lei sodat hulle die rekenaar as hulpmiddel sinvol en doeltreffend kan aanwend vir die effektiewe bestuur van inligting, is 'n eerste doelwit.

Die studieprogram is daarop ingestel om hierdie vaardighede en kennis reeds van die eerste studiejaar aan studente oor te dra. Daar word onderskei tussen studente wat 'n loopbaan in die rekenaarwêreld beplan en diegene wat slegs met die gebruik van die rekenaar vertrou wil raak.

In die tweede plek plaas die Departement Informatika groot klem op mense wat die rekenaar as hulpmiddel gebruik. Die klem op hierdie element bring die grootste verskil tussen Informatika en Rekenaarwetenskap duidelik na vore. Waar Rekenaarwetenskap meer op die masjien, op die harde- en sagteware gerig is, is Informatika meer op die mens wat die masjien gebruik gerig. Informatika heg dus besondere waarde aan persoonatuur of *peopleware*.

### Die veldtog

Met 'n logo wat die doelstellings van Informatika uitbeeld, was die Departement in staat om met 'n uitgebreide bemarkingsveldtog te

begin. Die veldtog het onder meer 'n reeks advertensies in die studentekoerant *Die Perdeby*, 'n oplaag T-hemde en 'n aantal kleurplakkate ingesluit.


Volgens prof Dewald Roode, hoof van die Departement Informatika, het die hele bemarkingsveldtog BCom(Informatika)-studente nouer saamgesnoer. "Hoewel die primêre doelwit van die veldtog die bekendstelling van Informatika was, het dit ook indirek aanleiding gegee tot 'n groter spangees onder ons eie studente. 'n Eie identiteit is tog ook vir hulle belangrik," sê hy.

Prof Roode wys daarop dat sy studente trots moet wees om te kan sê dat hulle die BCom(Informatika)-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf het.

Hy sê: "Sodoende sal hulle as oudstudente die belangrikste bemarkers vir die Departement word - is dit nie maar die strewe van enige departement nie?" □

## SERTIFIKAAT-PROGRAMME EN SEMINARE

As deel van ons missie by die Skool vir Rekenmeestersopleiding om ons kennis met die gemeenskap te deel, het ons 'n aantal kursusse ontwikkel om aan die behoeftes van die gemeenskap te voldoen.



SKOOL VIR  
REKENMEESTERS-  
OPLEIDING

onthou: ons spesialiseer in opleiding

Vir meer inligting skakel  
prof Herman de Jager by (012) 420-2701

Ons bied onder  
meer  
die volgende  
kursusse aan:

- Ouditering in 'n rekenaaromgewing
- Praktiese interne auditprogram
- Prestasie ouditering
- Ontleding en vertolking van finansiële state
- Statistiese steekproefneming
- Wesenlikheid en ouditrisiko



# Meester, meesters, meestersgraad

Enigeen wat 'n meester wil wees van bestuur, kan by die ou meesters in bestuursopleiding aanklop vir leiding.

**D**ie Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria het homself reeds op hierdie gebied bewys. Een manier waarop bestuursbeginsels werklik baasgeraak kan word, is om die Meestersgraad in Bedryfsadministrasie (MBA) te verwerf.

Prof Koos de la Rey, waarnemende direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, wys daarop dat Tukkies se MBA-program relevant is en dat dit op die behoeftes en eise van die moderne Suid-Afrikaanse samelewing toegespits is.

Hy beskryf die bestuursproses as 'n dinamiese proses. Volgens hom verander die aard en wese van menslike werkverrigting gedurig omdat die mens se behoeftes, asook die tegnologie wat tot sy beskikking is, verander. Dit is dus noodsaaklik vir die bestuur van ondernemings om tred te hou met verandering.

“Diegene wat betrokke is by bestuursopleiding kan egter nie net toekomstige bestuurders oplei om in pas te bly met verandering nie, maar moet self ook daarmee tred hou,” sê prof De la Rey.

Volgens hom is dit juis in die lig hiervan dat die Nagraadse Bestuurskool besluit het om sekere aanpassings in hierdie program te maak. Die aanpassings is in ooreenstemming met die advieskomitee van die Nagraadse Bestuurskool, werkgewers, huidige studente en persone verbonde aan oorsese bestuurskole gedoen.

Met die hersieningsproses het veral drie aspekte aandag geniet: kursusinhoud, onderrigtyd en onderrigmedium. Die “nuwe” MBA-program sal in 1993 geïmplementeer word.

Die kursusinhoud is hersien ten opsigte van die tipe vakke, asook die volgorde waarin dit aangebied moet word. Die bestaande vakke is krities beoordeel vir relevansie en waar nodig is die vakinhoud vergroot of verklein. Sekere vakke wat nog nie voorheen aangespreek is nie, maar wat as noodsaaklik beskou word, is deel gemaak van die MBA-program.

Só sal Omgewingsbestuur, 'n aspek wat in die toekoms 'n belangriker rol in bestuursbesluitneming gaan speel, in die nuwe program aangespreek word. Verder word ook klem geplaas op 'n groter mate van samewerking tussen dosent, student en dié se werkgewer. Volgens prof De la Rey sal só 'n vennootskap bydra om opleidingsprogramme meer doeltreffend en toepaslik te maak.

'n Tweede aspek wat in die hersieningsproses aangespreek is, is die onderrigtyd. Sekere vakke van die deeltydse program sal van volgende jaar in blokweke aangebied word. Dit beteken dat die deeltydse student korter, maar


meer kompakte, kontaktyd met die dosente sal hê. Die grootste voordeel van blokweke is dat dit minder inbreuk op die deeltydse student se werksprogram maak.

Die onderrigmedium van die MBA-program is ook tydens die hersieningsproses aangespreek. Volgens prof De la Rey gaan ses van die vakke wat nodig is vir die MBA-grad gedurende 1993 ook in Engels aangebied word. “Indien die belangstelling van die studente groot genoeg is, word beoog om van 1994 'n volledige MBA-grad ook in Engels aan te bied,” sê hy.

Die Universiteit van Pretoria se Bestuurskool is die mees noordelike een in Suid-Afrika. “Ons sien dit as ons taak om alle studente uit die noorde te kan oplei en 'n groot aantal van hulle is Engelssprekend,” verduidelik prof De la Rey.

As verder in ag geneem word dat die Nagraadse Bestuurskool goeie bande met internasionale bestuurskole het, is 'n Engelse MBA-program noodsaaklik vir nouer samewerking.

Die voorgestelde wysigings is sowaar 'n meesterlike verandering. □



“Meesterstukke” soos dié is steeds moontlik met die hersiene MBA-program

'n Nuwe BCom-graad, met spesialisering in kommunikasiebestuur, gaan van 1993 aangebied word. Met die instelling van hierdie graad-kursus is die Departement Bedryfsekonomie weer eens die eerste om 'n wesenlike behoefte in die praktyk aan te spreek. Die Departement het in die verlede sy leierskap reeds bewys met die baanbrekerswerk wat onder meer op die gebied van bemarkingsbestuuropleiding gedoen is.

# Dit het almal aan die praat

**D**ie BCom(Kommunikasiebestuur)-graad is die eerste van sy soort wat volledig in 'n fakulteit van ekonomiese en bestuurswetenskappe aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit aangebied word. Dit het ten doel om kommunikasieopleiding aan toekomstige bestuurders in alle bestuursfunksies van die onderneming te bied.

Prof Gustav Puth, wat aan die hoof van hierdie opleiding sal staan, sê: "Kommunikasie is die ruggraat van bestuur. Die kommunikasiebegrip en -vaardighede van die bestuurders van 'n onderneming het 'n direkte invloed op die effektiwiteit van elk van die ander bestuursfunksies in die onderneming."

Gedurende die afgelope twee dekades het die klem in bestuursfilosofie vanaf oorwegend taakgerigte bestuur verskuif na oorwegend mensgerigte bestuur. Die filosofie is: as 'n onderneming behoorlik na sy werkers as mense omsien en hulle as individue hanteer, sal take doeltreffend en effektiwiteit uitgevoer word.

*Mej Tania Loio, 'n matriekleerling aan die Hoërskool Hendrik Verwoerd, glimlag vir die Fakulteit. Sy kon nie wag om in te skryf vir die BCom(Kommunikasiebestuur)-graad nie en daarom was sy sommer heel eerste*

Een van die grootste probleme met hierdie benadering tot die bestuur van mense is dat talle top- en middelbestuurders nooit werklik vertrouwd geraak het met die mensvaardighede wat in so 'n situasie vereis word nie.

Feitlik alle bestuurders en werknemers stem saam dat daar in die meeste ondernemings kommunikasieprobleme ervaar word. Dit is veral 'n probleem in Suid-Afrika waar die samestelling van die meeste ondernemings se arbeidsmag veel ingewikkelder as in ander samelewings is.

Kommunikasie bly die spil waarom alle ander bestuursfunksies draai. 'n Mens hoef maar net te kyk na die daaglikse funksies van 'n bestuurder om te beseft dat sy kommunikasierolle meer veel-eisend en kompleks is as wat dit op die oog af voorkom.

Hy is daaglik in die rolle van spreker, luisteraar, skrywer, motiveerder, leier, onderhoudvoerder, berader, besluitnemer en kreatiewe probleemoplosser, om maar net 'n paar te noem. Elkeen van hierdie rolle verg 'n besondere kommunikasievaardigheidsvlak.

Daarom is dit nou noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse ondernemings seker moet maak dat bestuurders op alle vlakke opgelei word om te begryp watter positiewe bydrae goeie kommunikasie tot hulle ondernemings en tot die ekonomie in die geheel kan maak.

Teen hierdie agtergrond kan die BCom-graad in Kommunikasiebestuur 'n sleutelrol speel in die voorbereiding van bestuurders wat die werklike potensiaal en belangrikheid van kommunikasie in Suid-Afrikaanse ondernemings kan ontgin en tot sy reg kan laat kom.

Die BCom(Kommunikasiebestuur)-graad wat van 1993 by UP aangebied word, is 'n driejarige graad met Kommunikasie-





## “Kommunikasie is die ruggraat van bestuur”

bestuur en Bemerkingsbestuur as verpligte hoofvakke. Kommunikasiebestuur is 'n tweejarige hoofvak wat van die tweedejaar gevolg moet word, terwyl Bemerkingsbestuur oor die volle drie jaar van die graad strek.

Benewens die twee verpligte hoofvakke word daar van studente vereis om voorgeskrewe kursusse in Besigheidsreg, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Finansiële Rekeningkunde en Statistiek te volg. Bykomende keusevakke sluit in Personeelbestuur, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Informatika en verskillende taalkursusse.

In Kommunikasiebestuur word aandag gegee aan die aard, ontwikkeling en betekenis van kommunikasie as 'n ondernemingsfunksie. Verbandhoudende kommunikasieteorieë, strukturele hindernisse in die onderneming, die

aard en rol van interpersoonlike, openbare en kleingroepkommunikasie in die onderneming, asook belangrike aspekte van kommunikasievloei, -netwerke en -klimaat word beklemtoon.

Daar word ook gefokus op die funksionele korporatiewe kommunikasiefunksies; op die identifisering van die belangrikste teikengroepe van die onderneming en op die totale bestuur van kommunikasieprosesse en -veldtogte met hierdie publieke.

Aspekte soos korporatiewe beeld en identiteit, sosiale verantwoordelikheid, openbare mening, media-beplanning, interne, finansiële, gemeenskaps- en krisiskommunikasie, kommunikasie in arbeidsverhoudinge, kommunikasiereg en navorsing vir die beplanning en evaluering van veldtogte geniet ook aandag.


Alle fasette in die bestuur, beplanning, uitvoering en evaluasie

van korporatiewe kommunikasieveldtogte in die verskillende kontekste word volledig verreken.

Die kommunikasiefunksies en vaardighede van die individuele bestuurder, asook die verskillende bestuurskontekste waarin kommunikasie 'n deurslaggewende rol speel, word noulettend bestudeer.

Daar word onder meer aandag gegee aan kommunikasie en bestuur, persoonlike kommunikasiestyl, wat luisterstyl en nie-verbale kommunikasie insluit, kommunikasiehindernisse en die rol van kommunikasie in leierskap, besluitneming, probleemoplossing, konflik, motivering en verandering.

Daar bestaan geen twyfel nie oor die steeds groeiende bewussyn van die kernrol van kommunikasie in Suid-Afrikaanse ondernemings. Belowende beroepsmoontlikhede in korporatiewe kommunikasie of in die skakel- en reklamewese wag vir mense wat dié graad verwerf. □



*Grusi Schoeman*

SAKE- & AFRONDINGSKOOLO  
BUSINESS & FINISHING SCHOOL  
Tel. & Fax: (012) 802 0830

### KURSUSSE IN ONS PRAGTIGE LANDELIKE ATMOSFEER KOESTER DIE KLIËNT 'N GEDETAILEERDE PRAKTIESE BENADERING TOT ETIKET IN DIE SAKEWÊRELD

#### A. My kosbare loopbaan

- \* Selfvertroue en sukses vir die 90's
- \* Professionele beeld na buite
- \* Stemgebruik, telefoon- en luistertegniese
- \* Openbare optrede (video opleiding)
- \* Probleemoplossing en besluitneming
- \* Houding en bewegingsleer
- \* Verhouding met bestuurders en kollegas
- \* Voorkoms

#### B. Koester die klant/kliënt/pasiënt

- \* Ontvangs en verwelkoming/vertrek
- \* Die voorstel van mense: skep die atmosfeer
- \* Soorte kliënte: vriendelik, verdwaald, woedend: reageer reg
- \* Wat sê sy lyftaal? En myne?
- \* Kantoorgasvryheid
- \* Kommunikasie: die oortuigende manier

#### C. Kliënte-onthaal

- \* Pligte van gasheer, gasvrou en gas
- \* Die doel van onthaal
- \* Keuse van gaste en geselskap
- \* Sake-etes en uitnodigings
- \* Tafelmaniere
- \* Rol van die gade

#### D. Afsluiting

- \* Verwerking van teleurstellings, hantering van stres

HALFDAG, EENDAG, DRIEDAGKURSUSSE IN GROEPE OF INDIVIDUEEL VIR MAKSIMUM MOTIVERING - ONS LESINGS IS NUUT, INTERESSANT EN INSPIREER

LECTURES AND NOTES AVAILABLE IN ENGLISH - SPESIALE KURSUSSE & SEMINARE OP AANVRAAG  
JOU OPTREDE EN VOORKOMS IS JOU PERSOONLIKE ADVERTENSIE  
EN 'N BELANGRIKE ADVERTENSIE VIR JOU ONDERNEMING

DRIES STUDIOS

# Slaan 'n rekord

Die rekreasie- en sportbedryf is vandag internasionaal 'n multi-miljoen rand bedryf. In die lig van die groeiende behoefte aan bestuurskundigheid in hierdie bedryf, het die Universiteit van Pretoria besluit om van 1993 'n BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graadkursus aan te bied.

**E**lke mens beoefen een of ander vorm van rekreasie of sport. Daar is egter nie net groot geld op die spel vir diegene wat professioneel betrokke is nie - die informele rekreasie- en sportbedryf is ook uiters winsgewend.



*Die Fakulteit herskryf die "reëls" - bestuursbeginsels word beklemtoon in die nuwe BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graad*



Maksimum voordeel vir die individu en die samelewing kan slegs uit dié bedryf geput word indien al die fasette wat in rekreasie en sport betrokke is, beginselmatig benader en bestuur word. Hierdie fasette sluit in: mense, hul tyd, geld, deelname-voorkeure en fasiliteite vir deelname. Al hierdie fasette moet dus binne 'n bepaalde ekonomiese en bestuurskonteks aangespreek word.

In die lig van die groeiende behoefte aan bestuurskundigheid in hierdie bedryf, het die Universiteit van Pretoria besluit om van 1993 'n BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graadkursus aan te bied.

Die ekonomiese en bestuursdimensie van rekreasie en sport word dus as 'n waardige studie- en arbeidsveld erken en wetenskaplik aangespreek.

Na verwagting gaan die behoefte aan rekreasie en sport in die Nuwe Suid-Afrika toeneem. As gevolg daarvan sal 'n groot groep mense dié mark betree. Die oopstelling van internasionale grense vir Suid-Afrika en 'n gepaardgaande strewe

om prestasies van wêreldgehalte te lewer, gaan ook 'n invloed op die ekonomiese konteks van die sportmilieu hê. Dié dinamiese bedryf vereis dus, soos enige ander bedryf, deeglike voorplanning en die toepassing van wetenskaplik gefundeerde bestuursbeginsels.

Die driejarige BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graad vereis drie hoofvakke, waarvan Sportkunde 'n verpligte hoofvak en die ander twee keusevakke is. Keusevakke soos Personeelbestuur, Finansiële Bestuur, Bemerkingsbestuur, Kommunikasiebestuur, Informatika en Statistiek sal die student in staat stel om 'n bepaalde spesialiteitsrigting in die graad in te bou.

Neem Sportbemarking as 'n voorbeeld. Daar bestaan tans geen formele tersiêre opleiding in dié verband nie. 'n Tukkie-student kan deur Sportkunde, Bedryfsekonomie en Bemerkingsbestuur of Kommunikasiebestuur as hoofvakke vir sy BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graad te kombineer, homself uitstekend vir 'n loopbaan in Sportbemarking bekwaam.

Behalwe vir die drie hoofvakke, word daar ook van die student verwag om 'n basiese reeks verpligte vakke wat Ekonomie, Bedryfs-ekonomie, Finansiële Rekeningkunde en Besigheidsreg insluit, te volg. Hierdie kursusse is onontbeerlik vir 'n begrip van die ekonomie en bestuur as wetenskaps- en arbeidsveld.

Wat beroepsmoontlikhede betref, is 'n BCom(Rekreasie- en Sportbestuur)-graduand nie beperk tot 'n loopbaan in rekreasie en sport nie. Bestuursbeginsels is dieselfde binne enige ekonomiese bedeling, waarvan rekreasie en sport slegs 'n deel vorm.

Rekreasie en sport verskil in seker opsigte van dit wat in ander sektore van die ekonomiese wêreld voorkom. Dié eiesoortigheid sal die bestuursbenadering tot rekreasie en sport beïnvloed.

Hierdie graad sal 'n persoon dus toerus om, in vergelyking met 'n persoon wat geen kennis hiervan dra nie, 'n beter diens binne die rekreasie- en sportbedryf te lewer. □

*Juta*

JUTA REGS - EN AKADEMIESE UITGEWERY BIED MET TROTS  
HULLE JONGSTE BESTUURSWESE- PUBLIKASIES  
ASOOK NUWE UITGAWES VAN  
SOMMIGE BEPROEFDE EN VERTROUDE STAATMAKERS AAN

BEMARKINGSBESTUUR

(Tweede uitgawe - beskikbaar in Afrikaans en Engels) deur proff. Annemarie van der Walt en Sieg Marx

BESTUURSBEGINSELS - 'n EIETYDSE SUID-AFRIKAANSE UITGAWE

deur proff. P.J. Smit en G. de G.J.Cronje (beskikbaar in Afrikaans en Engels)

SOUTH AFRICAN MARKETING - CASES FOR DECISION-MAKERS

deur Leyland Pitt, Derek Bromfield en Deon Nel

LEADERSHIP - THE HUMAN RACE

deur Guy Charlton

LABOUR RELATIONS STRATEGIES

deur Norman Kemp

INDUSTRIAL RELATIONS IN SOUTH AFRICA

(Tweede uitgawe) deur Sonia Bendix

INDUSTRIAL RELATIONS & ORGANISATIONAL DYNAMICS

deur Sonia Bendix en Fred Jakobs

NEGOTIATION - THEORIES, STRATEGIES & SKILLS

deur Proff. Manie Spoelstra en Wynand Pienaar

Tree asseblief met Mej. Alpha Greeff by (011) 392-4040 in verbinding, vir meer inligting oor bogenoemde publikasies.

# Tien uit Tien

“Die standaard en inhoud van rekeningkundige opleiding aan die Universiteit van Pretoria vergelyk uitstekend met internasionale standaarde.”



Mnr André Oosthuysen



Mnr Casper van Wyk



Mej Ilse Grimsehl



Mej Nicki Rethman

Tien oudstude-  
te van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het verlede jaar 'n 100 persent slaagsyfer in 'n internasionale eksamen behaal. Dit is reeds 'n prestasie vir enigeen wat die *Chartered Institute of Management Accountants* (Cima) se eksamen aflê. Neem 'n mens egter in ag dat die internasionale slaagsyfer vir dié eksamen maar net 38,7 persent was, word die prestasie van hierdie groep oudstude-  
te eers werklik in perspektief geplaas.

Hierdie Instituut is 'n professionele rekeningkundige liggaam in

die Verenigde Koningryk en word internasionaal erken vir die hoë professionele en tegniese standaarde wat dit aan sy sowat 50 000 lede wêreldwyd stel. Dié gesogte Cima-kwalifikasie kan deelyds verworf word. Die vereistes vir lidmaatskap is die suksesvolle aflegging van die eksamens sowel as ten minste drie jaar praktiese ervaring in die handel en nywerheid.

“Die standaard en inhoud van rekeningkundige opleiding aan die Universiteit van Pretoria vergelyk uitstekend met internasionale stan-

daarde. Daarom word Tukkies-GR's aangemoedig om hierdie eksamen af te lê,” sê prof Herman de Jager, direkteur van die SRO.

Die SRO-personeel is daartoe verbind om 'n internasionale kwalifikasie binne hul studente se bereik te plaas. Nieu skakeling met Cima



*Mev Talana Smith (née Basson)*




*Mnr Johan Joubert*




*Mnr Leon Groenewald*



*Mnr Johan van Vuuren*



*Mnr Stephan du Toit*



van Vuuren, mnr Casper van Wyk en mnr Leon Groenewald.

“Ons is baie trots op al ons oudstude-  
 te,” sê prof Herman de Jager, maar vir dié groep in die besonder sê hy: “Volpunte. Julle het dit verdien!” □

verseker dat die onderrigstandaard só hoog is dat die maksimum aantal vrystellings verkry kan word. Studente wat byvoorbeeld die GR(SA) kwalifikasie verwerf, hoef slegs vier vakke van die finale kursus te slaag om as lid van dié internasionale liggaam te kwalifiseer.

“Ek dink voortgesette betrokkenheid speel ’n belangrike rol in die prestasies van ons oudstude-  
 te. Ons vergeet nie van hulle die dag nadat hulle hul GR(SA) kwalifikasie verwerf het nie,” sê prof De Jager. Hy wys daarop dat mej Magdaleen Heyns, ’n senior lektrise van die SRO, hierdie tiental begelei het in hul voorbereiding vir die eksamen. Mej Heyns het in 1990 self agste in die wêreld in die finale Cima-eksamen gekom. Sy is ook aktief betrokke by die Pretoria-tak van dié Instituut.

Prof De Jager wys daarop dat die 100 persent slaagsyfer van die

tien oud-  
 Tukkies wat die Cima-eksamen in November 1991 geskryf het, rym met die goeie uitslae wat UP-studente jaarliks in die Kwalifiserende Eksamen (KE) behaal.

“Tukkies se studente is goed. Neem mej Edith Ottermann se prestasie in die internasionale eksamen as voorbeeld. Sy behaal wêreldwyd die hoogste punt in die vak Finansiële Bestuur en ontvang die Lewton Coronation-prys daarvoor. Sy behaal ook algeheel die sesde plek uit die ongeveer 4 054 studente-wat die finale fase van die Cima-eksamen afgelê het,” sê prof De Jager.

Die ander oud-Tukkies wat aan dié eksamen deelgeneem het, is mnr Stephan du Toit, mej Ilse Grimsehl, mnr Johan Joubert, mnr André Oosthuysen, mej Nicki Rethman, mev Talana Smith (née Basson), mnr Johan

*Eerste in die wêreld: Mej Edith Ottermann behaal die hoogste punt wêreldwyd in die vak Finansiële Bestuur en algeheel die sesde plek in die finale fase van die Cima-eksamen*



# Hy het sy merk gemaak

**T**alle oudstude te in die Ekonomie sal prof Stephan du Toit Viljoen onthou as iemand wat 'n groot invloed op hul intellektuele vorming tydens hul studiejare aan die Universiteit van Pretoria gehad het.

Vandag is sy naam moontlik minder bekend. Tog kan diegene wat gedurende 1929 tot 1949 onder hom studeer het, dié voormalige hoof van die Departement Ekonomie nie vergeet nie. Hoewel prof Viljoen lankal nie meer 'n amptelike verbintenis met die Universiteit van Pretoria het nie, is sy stempel nog duidelik sigbaar.

Prof Joubert Botha, tans verbonde aan die Departement Ekonomie en een van prof Viljoen se oudstude te, vertel meer van dié besondere oud dosent ...

“Almal van ons wat prof Viljoen ken, dink dadelik aan hom as studentevriend en ware heer. Hy het sy stude te met respek behandel - en respek terug ontvang. Sy nederigheid en simpatieke houding was alombekend.

Sy lesings het getuig van 'n wye akademiese agtergrond. Na matrikulasie in Caledon het hy 'n BA-graad in Ekonomie en Staatsleer - eersgenoemde onder die bekende prof Robert Leslie - aan die Universiteit van Kaapstad behaal.

Daarna is hy na die Universiteit van Berlyn, waar hy vir 18 maande studeer het (1924 tot 1925) onder die beroemde Werner Sombart,

Communiké bring graag hulde aan prof Stephan du Toit Viljoen: gerespekteerde geleerde, dosent en mens.





## Sy oudstudiante beskryf hom vandag nog as 'n studentevriend en ware heer - prof Stephan du Toit Viljoen, voormalige dosent en hoof van die Departement Ekonomie.

outeur van die vierdelige werk, *Der Moderne Kapitalismus*. Volgens is hy na Frankryk - eers vir 'n maand na Grenoble om Frans te leer en daarna vir ses maande na die *Alliance Française*, waar hy by 'n Franse familie in Parys gewoon het. Daarop volg 'n studie van een jaar aan die Sorbonne, in die *Faculté de Droit*.

In 1927 tot 1928 skryf hy hom in vir 'n doktorsgraad aan die *London School of Economics* met Hugh Dalton, outeur van 'n bekende werk oor die staatsfinansies, as promotor.

Aan die einde van 1928 ontvang hy 'n aanbod van 'n senior lektoraat aan UP. As dosent was hy vanaf 1929 tot 1949 aan Tukkies verbonde, van 1938 tot 1949 as hoof van die Departement Ekonomie.

Daarna het hy die Universiteit verlaat vir die pos van voorsitter van die Loonraad. Hy is mede-outeur van die belangrike Verslag No. 282 van die Raad van Handel en Nywerheid oor nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika. Hy dien ook as voorsitter van 'n kommissie van ondersoek na tariefbeskerming.

Sy eerstejaarkursus in Ekonomie was enig in sy soort. Dit het begin met 'n interessante ontleding van die ekonomiese orde in die antieke tyd. In die tweede semester is dit opgevolg met 'n ontleding van die ekonomiese probleme van die Suid-Afrika van destyds.

Die tweede jaar is gewy aan die prysteorie - die "grammatika van die Ekonomie" - vir baie studente ietwat van 'n ontnugtering. Die skade is in die derde jaar herstel met interessante lesings oor die



Prof Stephan du Toit Viljoen was nou betrokke by studente-aktiwiteite. In 1950 was hy erepresident van UP-studente se Vereniging vir Ekonomiese Wetenskappe. Saam met hom op die foto verskyn die bestuurslede van dié Vereniging. Agter (van links) staan N P Eckard, H A Sloet, D J Rossouw en H J van Eck. Voor (van links) sit L W A Nel, prof D G Franzsen (president), prof S P du T Viljoen (erepresident), D J J Botha (tans professor in Ekonomie by UP) en J H de Loor

Keynesiaanse makro-ekonomie en die konjunktuurleer.

Prof Viljoen het wyd gepubliseer. In 1933 verskyn *The Economic Tendencies of Today* in Londen en in 1936 sy merkwaardige werk, *The Economics of Primitive Peoples*. In 1952 verskyn sy wye studie oor die kapitalistiese stelsel, *Capitalism, A Historical Survey*. Die werk wat egter die geweldige omvang van sy kennis die beste weergee, is sy *Economic Systems in World History* wat in 1974 in Londen verskyn het.

Prof Viljoen leef vandag stil in Pretoria. Hoewel hy reeds oor die sestig jaar in die Transvaal woon, skemer sy Bolandse agtergrond deur in sy Overbergse aksent.

Slegs diegene wat verder studeer en belangstel om wyer te studeer as wat die moderne, meer beperkte sillabusse bied, sal hom leer ken. Dan sal hulle vind dat Stephan Viljoen nie net vir jou Ekonomie leer nie, maar deur sy omvangryke visie gaandeweg ook jou hele wêreldbeskouing beïnvloed." □

### Die Stephan Viljoen-stipendium

Prof Viljoen se seun, mnr Pierre Viljoen, het as oudstudent van die Fakulteit 'n paar jaar gelede 'n fonds ingestel om oorsese studiereise van dosente in Bemerkingsbestuur te help finansier. Hy het hierdie fonds na sy vader vernoem.

In gesprek met Hancke Scheepers:

# “Dit is ereskuld wat ek vereffen”



wat elke oud-Tukkie kan doen, is om ook daarby betrokke te wees.

In die derde plek het ek ook 'n selfsugtige motivering. Deur betrokke te wees by die Skool vir Rekenmeestersopleiding is ek direk gemoeid met die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters wat in my firma gaan werk. Dit is belangrik dat ons wat in die praktyk staan met die akademië, wat mense vir ons oplei, moet kommunikeer.

Tog kan ek dit alles saamvat deur te sê: Dit is lekker om met 'n wenspan soos Tukkies geassosieer te word.”

## **Wat is u toekomsvisie aangaande die ontwikkeling en taak van die Fakulteit en die Universiteit in die Nuwe Suid-Afrika?**

“Ek glo dat die Fakulteit 'n besondere taak het om uit te reik na veral die ontwikkelende sake-sektor. Met die aanbod van hulp-programme en kortkursusse kan die Fakulteit aan alle Suid-Afrikanners die geleentheid bied om meer oor byvoorbeeld basiese bestuursbeginsels te leer. Daardeur word die hoë akademiese standaard gehandhaaf, sakekundigheid en bestuursvernuf aan die gemeenskap deurgegee en 'n opheffings-taak aan die gemeenskap vervul.

Die breë taak van die Universiteit van Pretoria is primêr geleë in die opleiding en ontwikkeling van mense wat veral in die Nuwe Suid-Afrika 'n strategiese en wesenlike rol sal speel.” □

“**A**s jy bereid is om te gee en om jou bydrae te maak, sal jy verbaas wees om te sien hoeveel deure vir jou oopgaan.” Dit is die boodskap van mnr Hancke Scheepers, nasionale voorsitter van die ouditeursfirma Coopers Theron Du Toit, aan die huidige Tukkie-student. As 'n oud-Tukkie gee hy sy Alma Mater die krediet vir sukses wat hy al behaal het.

Mnr Scheepers is reeds sedert 1959 'n praktiserende geoktrooieerde rekenmeester. Hy dien ook tans as ondervoorsitter van die hoofbestuur van die Afrikaanse Handelsinstituut en is 'n lid in die Minister van Finansies se Advieskomitee oor Belasting.

Alida Botha, lektrise in die Skool vir Rekenmeestersopleiding, het met hom gesels oor sy verbintenis met Tukkies:

## **Wat kan u onthou van u studentejare by Tukkies?**

“As 'n buitemuurse student het ek nie veel tyd vir studente-aktiwiteite gehad nie. Wat my egter van daardie jare bybly is die skitterende

span dosente wat vir ons klas gegee het - mense soos prof Eddie Hamman (voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria), advokaat Gerrit Viljoen (later appèlregter), prof Piet Hoek (later voorsitter van die Universiteitsraad) en dr Gerhard de Kock (later president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank). Ons was bevoorreg, om by sulke mense klas te draf.

## **U het 'n baie lang verbintenis met Tukkies - as voormalige lid van die Universiteitsraad, lid van die advieskomitee van die Skool vir Rekenmeestersopleiding van die Universiteit van Pretoria, ontvanger van die Kanseliersmedalje en lid van die bestuur van die Bond van Oud-Tukkies. Waaraan skryf u dié voortgesette belangstelling toe?**

“My voortgesette verbintenis met Tukkies is eerstens gemotiveer deur 'n dankbaarheid jeens die Universiteit van Pretoria. Die opleiding wat ek hier ontvang het, het groot geleenthede vir my geskep.

Verder het ek die hoogste agting vir die Universiteit se verbintenis tot gemeenskapsdiens. Die minste

“Dit is lekker om met 'n wenspan soos Tukkies geassosieer te word.”



# 'n Oud-Tukkie en 'n handvol klei

Mnr Pierre Peens, groep besturende direkteur van die Weenen Groep in Potgietersrus, is 'n oud-Tukkie. Hy het in 1980 die graad BCom(Rekeningwetenskappe) verwerf; hy was 'n inwoner van Huis Boekenhout en hy het veral uitblink as rugbyspeler. Sy betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria het egter nie daar geëindig nie. *Communiqué* vertel meer oor dié oudstudent...



“Die Universiteit is meer as net 'n sentrum vir tersiële onderrig - dit is ook 'n tipe afrondingskool, 'n plek waar jy as mens gevorm word.” Dit is hoe mnr Pierre Peens die belangrike invloed wat die Universiteit van Pretoria op sy lewe uitgeoefen het, beskryf.

“Tukkies het vir my geleent-hede gebied om volledig as mens te ontwikkel en ek het probeer om soveel as moontlik daarvan te benut,” sê hy.

Hy gesels lekker oor sy studentedae: oor die Tukkie-Matie intervarsities; oor eksamens; oor studentevriende, soos Wynand Claassen, Daan Doep en Christo Wagenaar; oor dosente, soos prof Herman de Jager wat Ouditkunde interessant gemaak het en prof Dawie Botha en sy kennis van die Handelsreg; oor die koshuislewe; oor jool en bokjolle; oor sy rugby en ander sport-aktiwiteite.

“Balans is die sleutelwoord - daar moet 'n balans

wees tussen akademie, sport en kultuur; tussen studentepret en die aanleer van verantwoordelikheid; tussen vir oulaas jonkwees geniet en ernstige voorbereiding vir jou toekoms en loopbaan,” sê hy.

Hy glo dat hy 'n gebalanseerde student was. Kyk 'n mens na wat hy hier bereik het, is dit duidelik dat hy geensins gemiddeld was nie.

Neem sy rugbyprestasies as voorbeeld. Hy het van 1975 tot 1979 in die uitklopliga vir Huis Boekenhout gespeel; in 1975 en 1976 vir die Tukkie 0/20-span en in 1977 vir die Fezelas. Hy is ook in 1977 as Huis Boekenhout se *Sportman van die Jaar* aangewys.

In 1978 en 1979 het hy vir die eerstespan van Tukkies gespeel en van 1978 tot 1981 vir die span van Noord-Transvaal. Hy onthou veral hul wedstryd vir die Curriebeker in 1980, toe die Blou Bulle die WP-span met 39 - 6 op Loftus geklop het.

“Rugby het vir my deure oopgemaak. Dit het vir my geleentheid gegee om soveel interessante mense te ontmoet en vriende te maak. Van dié mense is vandag nog 'n belangrike deel van my lewe,” sê hy.

Sy studies het hom ook voorberei vir die loopbaan wat hy

*'n Besondere skenking – een van die kleipotte wat die Peens-familie spesiaal vir Kya Rosa gemaak het*



vandag beoefen. Nadat hy die BCom(Rekeningwetenskap)-graad verwerf het, het hy hom by die Weenen Groep aangesluit. Sy broer, mnr Johan Peens (nog 'n oudstudent van dié Fakulteit) het ook betrokke geraak.

Hul vader, mnr Piet Peens, was op daardie stadium een van die twee aandeelhouers van dié maatskappy. In 1984 het die Peens-familie die alleen-aandeelhouers van die Weenen Groep geword. Die Groep vervaardig onder meer teëls, bakstene en kleipotte.


“Die Universiteit is 'n tipe afrondingskool, 'n plek waar jy as mens gevorm word.”

Een van hul uitsoekprodukte is handvervaardigde vloerteëls. Dié Groep is tans betrokke by die res-

tourasie van die Kasteel in Kaapstad en die *Lost City*-projek. In albei gevalle word die handvervaardigde teëls spesiaal ontwerp en gemaak om aan te pas by die atmosfeer en kultuur van die omgewing waarin dit gebruik word.

Die Weenen Groep het ook nog 'n direkte betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria. Hulle is tans besig om saam met prof Gerrie Roodt van die Nagraadse Bestuurskool aan 'n Afrika-betrokkenheidsprojek te werk. Mnr Piet Peens is verder ook, as ere-vicepresident, betrokke by die Tuks-rugbyklub.

'n Tyd gelede het die Peens-familie 'n besondere skenking aan Tukkies gemaak. Met die oprigting van Kya Rosa het die Universiteit groot aandag geskenk aan detail om die atmosfeer van Tukkies se oorspronklike huis weer te gee. Die Weenen Groep het 'n aantal kleipotte, wat by die styl en atmosfeer van Kya Rosa aansluit, geskenk.



“Tukkies het my as mens gevorm,” sê mnr Pierre Peens, oudstudent van die Fakulteit

“Dit was vir ons 'n voorreg om dié potte vir Kya Rosa te maak,” sê mnr Pierre Peens. Wat hierdie bydrae van dié oud-Tukkies heel besonder maak, is die feit dat die kleipotte vir Tukkies spesiaal met die hand gevorm en gemaak is. □

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
 FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
**OUDSTUDENTE : REKENAARINLIGTING**

Die Fakulteit wil graag kontak met al sy oudstudente maak en behou. Voltooi asseblief hierdie vorm en pos of faks dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA, 0002.  
 Faks: (012) 342-2431**

U is ook welkom om mev Adri van der Merwe, senior skakelbeampte, by (012) 420-3328 te skakel vir nadere inligting.

Titel: ..... Voorletters: ..... Van: .....

Noemnaam: ..... Nooiensvan: .....

Posadres: ..... Tel: (W) Areakode: .....  
 ..... Nummer: .....

..... (H) Areakode: .....  
 ..... Nummer: .....

Geboortedatum: ..... Studentenommer: .....

Grade aan Tukkies verwerf: .....  
 1 .....  
 2 .....  
 3 .....  
 4 .....

Werkgewer: ..... Posbenaming: .....

Enige kommentaar: .....



# Ekonomie woeker in internasionale mark



**N**oudat akademiese sanksies teen Suid-Afrika opgehef is, is vrye skakeling met top internasionale vakkundiges weer moontlik. Die Departement Ekonomie maak deeglik gebruik van die geleentheid om vakkennis op die internasionale mark te wissel.

Prof Geert de Wet, hoof van die Departement Ekonomie, het op uitnodiging by *Project Link*, 'n internasionale projek, betrokke geraak. Dié projek behels die koppeling van makro-ekonometriese modelle van individuele lande om wêreldekonemiese veranderlikes en veral die internasionale handel en wisselkoerse vooruit te skat.



"Deurlopende skakeling met top internasionale vakkundiges verseker dat die Departement Ekonomie se onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens aan internasionale standarde voldoen," sê prof Geert de Wet

Die program word gekoördineer deur die ekonomiese navorsingsafdeling van die VVO en staan onder leiding van prof Lawrence Klein. Prof Klein is 'n pionier op die gebied van makromodelle. Hy het enkele jare gelede die Nobelprys vir Ekonomie ontvang vir sy werk op die terrein van ekonometriese modelbou.

*Project Link* bring die top modelbouers vandoor die hele wêreld bymekaar. Die Departement Ekonomie van UP se ekonomiese span dien nou as die Suid-Afrikaanse sentrum vir *Project Link*.

Afgesien van hierdie betrokkenheid, is die Departement ook op ander terreine internasionaal betrokke. Prof Geert de Wet is deur die *Congress of Political Economists* genooi om op hul programkomitee te dien vir hul kongres wat in Parys, Frankryk, gedurende Januarie 1993 plaasvind.

Prof Mike Truu is na verskeie universiteite en institute in Estland genooi. Hy sal gedurende die eerste semester van 1993 lesings gee en navorsing vir Estland doen oor die transformasie van 'n sentraalgeleide na 'n mark ekonomie.

Die Departement Ekonomie streef daarna om sy nagraadse opleiding 'n besondere karakter te gee deur die insette van top internasionale vakkundiges by dié van die Departement te voeg. Ver-

skeie internasionale besoekers is vanjaar by die Departement ontvang.

Prof Gerry Adams van die *University of Pennsylvania* in Philadelphia het vroeër vanjaar die Departement besoek. Prof Adams is een van die wêreld se voorste makro-ekonometriese modelbouers. Hy het oor die afgelope dekades, in samewerking met prof Lawrence Klein, pionierswerk op die gebied van modelbou verrig.

Gedurende Julie vanjaar het die Departement besoek ontvang van prof Jean-Christian Lambelet, hoof van die Departement Ekonomie aan die *University of Lausanne* in Switserland. Prof Lambelet is 'n leidende ekonometrikus en welvaarts-ekonoom in Europa. Hy is tans bekleër van die leerstoel wat eers deur prof Leon Walras en daarna deur prof Vilfredo Pareto - albei klassieke name in die geskiedenis van die ontwikkeling van die wêreld se ekonomiese denke - bekleë is.

Dr Jean Tishen, hoofekonoom van die Verenigde Volke se ekonomiese kommissie vir Afrika in Addis Abeba, Ethiopië, het die Departement gedurende Augustus vanjaar besoek. Dr Tishen het 'n reeks lesings aangebied waarin die VVO se benadering tot die ekonomiese ontwikkelingsproblematiek in Afrika uiteengesit is.

Hierdie besoek het nie net die Departement se strewe na groter internasionale kontak beklemtoon nie, maar ook die Departement se uitreikingsprogram na Afrika. □

# Leer korrupsie keer

Prof Yvonne Andrews van die Departement Publieke Administrasie is die eerste Suid-Afrikaner wat uitgenooi is om aan die *International Anti-Corruption Conference* deel te neem.

**A**mptenare in openbare betrekkinge het redelik baie gesag. Die versoeking om dit tot hul eie voordeel of vir persoonlike gewin aan te wend, sal altyd bestaan.

Die geloof dat amptenare van selfsprekend volgens neergelegde norme en etiese standaarde sal optree, is nie genoeg nie.

'n Soeke na maatreëls wat korrupsie sal voorkom, bring internasionale vakwetenskaplikes tweejaarliks bymekaar vir 'n internasionale konferensie. Vanjaar se konferensie is van 8 tot 12 Maart in Amsterdam, Nederland, aangebied.

In haar referaat, *Etiëk in die opleiding en ontwikkeling van die burokrasie*, het prof Andrews



gekonsentreer op etiëk as 'n middel om korrupsie te voorkom. "Sonder aanvaarbare morele standaarde en ondersteunende morele kodes is wette, regulasies en ander beheermaatreëls nutteloos," het sy gesê.

Sy het aanbeveel dat onderrig en opleiding as teenvoeters vir korrupsie moet dien. "Onderrig moet op logiese beredenering toegespits wees sodat amptenare kennis en inligting kan verstaan en korrek kan interpreteer. Opleiding moet gemik wees op probleemoplossing en die toepassing van kennis," sê prof Andrews.

Sy het daarop gewys dat etiëk 'n beduidende deel van onderrig- en opleidingsleerplanne behoort te vorm. Sodoende kan alle amptenare bewus wees van reëls en prosedures wat hulle besluite en optrede rig en reguleer.

"'n Statutêre etiese kode behoort te bestaan waaraan openbare amptenare hulle optrede kan meet. Dit kan help voorkom dat besluite en administratiewe diskresie tot korrumpie optrede lei," het sy gesê. □

## M's & D's gesoek!

**Die Momentum Leerstoel in Versekerings- en Aktuariële Wetenskap, Universiteit van Pretoria, nou graag kwalifiserende kandidate uit om magisterverhandelings of doktorsale proefskrifte voor te berei oor onderwerpe soos:**

- **Behoeftes aan en persepsies van lewensversekering by laer inkomstegroepe.**
- **Oorsake en implikasies van voortydse beëindiging van lewenspolisse.**
- **Die ontwikkeling en benutting van sekere nismarkte in die Suid-Afrikaanse versekeringsbedryf.**
- **Onbillike arbeidspraktyke met betrekking tot aftree- en verwante werknemersvoordele.**
- **Motivering in die bemerking van lewensversekering in Suid-Afrika: teorie en praktyk.**
- **Die verteenwoordigingsreg met betrekking tot tussengangers in die versekeringsbedryf.**
- **Elemente van effektiewe administrasie van 'n lewensversekeraar.**
- **Wiskundige statistiese elemente van risikobestuur.**

**Skakel prof George L Marx by:**

**Tel (012) 420-3469**

**Fax (012) 43-2567**





## LAND TAX

# Fearsome or Feasible?

**L**and and tax reform are both issues that evoke strong emotional reactions. Should the two be combined in the form of a land tax, one can expect dramatic differences of opinion - especially against a backdrop of comprehensive constitutional change, economic reform and an extensive drought. Arguments for and against a rural land tax as an additional source of revenue or as an instrument for redistributing wealth, are increasingly raised.

Against this background, a conference concentrating on land tax in a South African context was held on the Tukkie-campus on

20 March 1992. The aim of this conference, held under the auspices of the Centre for Human Rights Studies, was to initiate an exploratory discussion on this issue. Academics of various disciplines (such as the economic, agricultural economic, sociological and legal disciplines) as well as other interested parties were invited.

A number of local and international experts were approached to deliver papers or participate in a panel discussion. These included Dr Shem Migot-Adholla, senior rural sociologist of the World Bank, Washington DC; Prof

John Strasma,  
Department  
of Agricultural

Economics, University of Wisconsin, Madison; Dr Sam Moyo, Zimbabwe Institute of Development Studies; Prof Mason Gaffney, Department of Economics, University of California, Riverside; Dr Mike Lamont, South African Reserve Bank; Prof Johan van Zyl, dean of the Faculty of Agricultural Sciences, University of Pretoria; Dr Nick Vink, Development Bank of Southern Africa and Prof Riël Franzsen, Department of Mercantile and Labour Law, University of Pretoria.

A history of land taxes, as well as comparative studies of land taxes in other countries, enhanced the debate, as did a panel

discussion where representatives of different interest groups got the chance to put forward and defend their views on a possible land tax for South Africa.

Issues such as land tenure patterns, the scope of a possible tax base, the administration of a land tax and the potential of such a tax with regard to its revenue-raising potential and redistributive qualities, were addressed.

A summary of what was said and discussed will not do justice to a very successful conference, but a few general inferences can be drawn - the first being that a land tax on its own is not an effective measure to bring about redistribution of agricul-

“ In distributing the benefits and liabilities of society, one is often faced with the harsh and unyielding reality of a cake with a fixed size. As a result, one person’s gain is another person’s loss. That makes the issue of the distribution of wealth so difficult. Fortunately, the same does not apply to the distribution of knowledge.”

*Prof Christof Heyns –  
Centre for Human Rights  
Studies, University of Pretoria.*

tural land. There was also general agreement that, although difficult to administer, a land tax could be successfully introduced into the South African tax system. However, the majority of participants also stressed that it should be a local rather than a national tax. Such a tax would be better received by taxpayers if the revenue generated

could be used to upgrade the local infrastructure.

Although these discussions were only exploratory, it was proven that possible solutions can be found once the interested parties start distributing knowledge. □

**The conference proceedings will be published soon. Anyone interested in this publication can contact Ms Isabeau de Meyer at telephone (012) 420-3034 or the conference co-ordinator, Prof Riël Franzsen, at telephone (012)**

# Goeie administrasie is 'n kuns

“Gemeet aan internasionale standaarde is die Universiteit van Pretoria ook aan die voorpunt van opleiding in die administratiewe wetenskappe,” sê prof Paul Botes, hoof van die Departement Publieke Administrasie.

Prof Botes het vanjaar die geleentheid gehad om die standaard van UP se opleiding met ander lande s'n te vergelyk by 'n internasionale konferensie vir akademici in die administratiewe wetenskappe. Die konferensie is deur die *International Association of Institutes and Schools in Administration* aangebied.

Hierdie vereniging, wat in Brussels gesetel is, het koördinasie en integrasie tussen alle institute en skole in Publieke Administrasie vanoor die hele wêreld ten doel. Vanjaar se konferensie is van 7 tot 10 Julie in Wenen, Oostenryk, aangebied.

Met sy referaat, *Education and Training in Public Administration*, het prof Botes onder meer sy de-

partement se model van kurrikulumontwikkeling aan die internasionale gemeenskap voorgehou. Die model is baie gunstig deur die ander konferensiegangers ontvang. “Volgens hulle bied dit 'n duidelike en sistematiese uiteensetting van noodsaaklike kursusinhoud vir 'n student in die administratiewe wetenskappe,” sê hy. Dit kan met groot vrug as 'n universele standaard vir kurrikulumontwikkeling gebruik word.

Hy wys daarop dat heelwat van die oorsese instellings steeds hul opleiding op uitgediende en tradisionele modelle rig. Ander het weer heeltemal wegbeweeg van die administratiewe terrein en fokus op die algemene bestuursterrein.

Die Departement se model plaas die rol van administrasie weer in perspektief. Prof Botes verduidelik: “Die staatsamptenaar is belas met die funksionele domein van sy departement. Die administratiewe domein, gerig op die bereiking van doelwitte in die funksionele domein,

is egter ook sy verantwoordelikheid. Opleiding vir studente in publieke administrasie moet dus kennis neem van administratiewe vaardighede vir bereiking van enige funksionele doelwit. Dit moet afgestem wees op ontwikkeling van vaardighede met betrekking tot beheer, beleid, finansiering, personeel, organisering en prosedure.

Die sillabus moet ook voorsiening maak vir algemene bestuursbeginsels, sodat die voornemende staatsamptenaar die administratiewe en funksionele domein in 'n sinvolle plan van aksie sal kan omskep. Dit behoort ook die morele milieu waarbinne die amptenaar gaan werk aa te spreek, meen prof Botes.

Tydens die konferensie is prof Botes eenparig as voorsitter van die werkgroep oor *Curriculum Development in Public Administration* verkies. Dit is die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaner as voorsitter van dié werkgroep optree. □

## THE FACILITY FOR SCIENTIFIC DESIGN AND MANAGEMENT OF RESEARCH

- DESIGN:** Project • Sample • Questionnaire • Experimental
- MANAGEMENT:** Budget • Time schedule • Operational • Problem solving • Team approach
- RESEARCH FIELD:** Marketing • Surveys • Organisations • Biostatistics • Econometrics • Demography • Psychometrics • Sociometrics • Insurance
- TECHNOLOGY:** Surveys • Sampling • Statistical techniques and analysis • Computer packages • Graphic representations

# STATOMET

### FOR MORE INFORMATION

#### STATOMET

Department of Statistics  
University of Pretoria  
Pretoria 0002

Tel: (012) 420-3645/6  
Telefax: (012) 342-3260  
Telex: (012) 3-22723



# Kos vir Afrika

Ontwikkelende lande word dikwels deur voedsel nood geteister. Afrika-lande is geen uitsondering nie. Die werklike situasie met betrekking tot voedselvoorsiening in Suider-Afrika is egter minder bekend.

In 'n poging om dié situasie te peil, het proff Geert de Wet en Niek Schoeman van die Departement Ekonomie vanjaar 'n studie oor die ekonomiese dimensies van die voedselsituasie in Suider-Afrika voltooi. Twee aspekte wat veral in die studie beklemtoon is, is die plaaslike aanbod van en die vraag na voedsel.

Die gesistematiseerde feite en ontledings uit hierdie studie gee 'n duidelike beeld van die lewens-kwaliteit van die bewoners van hierdie lande. Sekere duidelike neigings kon afgelei word.

Een van die belangrikste was dat, hoewel die voedselproduksiepotensiaal van die lande deur verskeie faktore soos onvrugbare grond, lae en wisselvallige reënval, swak infrastruktuur en primitiewe bewerkingsmetodes begrens word, die landbousektor 'n heenkome bied aan die grootste gedeelte van die bevolking.

Die ooreenkomste ten opsigte van voedselverbruikspatrone in die ontwikkelende lande is nog 'n neiging wat afgelei is. Die verbruikspatrone word grootliks deur besteebare inkomste en toeganklikheid van voedselprodukte bepaal.

Nog 'n gemeenskaplike probleem van die ontwikkelende gemeenskappe is dat die voedingsinhoud van die tradisionele dieet in die meeste gevalle nie aan minimum standarde voldoen nie. 'n Groot aantal siekte- en sterftegevalle kan direk hieraan toegeskryf word. Bevolkingsgroei in hierdie lande is van die hoogste ter wêreld, met die gevolg dat per capita voedselproduksie voortdurend daal.

'n Ander neiging wat afgelei is, is dat landbouproduksie in die meeste lande van Suider-Afrika swak vergelyk met ander lande. Die gevolg is dat te min voedsel geproduseer word om in die

plaaslike behoefte te voorsien. Tog is daar enkele lande soos Tanzanië en Suid-Afrika wat daarin slaag om, ten spyte van die genoemde beperkinge, selfs surplus te produseer en uit te voer.

Die studie bevestig dus die groeiende voedsel nood in Suider-Afrika, maar bevestig terselfdertyd dat daar heelwat ruimte bestaan om, gegewe die produksiepotensiaal van die gebied, voedselproduksie heelwat te verhoog.

Een van die belangrikste bevindings in die studie is dat die effektiewe verspreiding en beskikbaarstelling van voedsel ernstig geknou word deur 'n gebrek aan infrastruktuur. Dit is veral die gebrek aan voldoende paaie, spoorlyne, markte en finansiële instellings wat die bemerking en verspreiding van voedsel benadeel.

Groter samewerking tussen die lande in Suider-Afrika sal in die toekoms van deurslaggewende belang wees. Slegs só kan verseker word dat doeltreffende verspreiding van surplusvoedsel plaasvind en dat die voedsel nood van hierdie ontwikkelende gemeenskappe voldoende verlig word. □

# Oor kwaliteit en kwantiteit

Die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie, beter bekend as Statomet, is op 1 Julie vanjaar in die Departement Statistiek gestig. Statomet is 'n fasiliteit vir die ontwerp, bestuur en evaluasie van navorsing deur die wetenskap en tegnologie.

In vandag se kompeterende sakewêreld is kwaliteit 'n absolute vereiste - ook wat navorsing aanbetref. Die sakesektor benodig navorsing as 'n bestuursinstrument om nuwe neigings te meet en om tred te hou met die veranderende omgewing. Dit kan ook gebruik word om kreatiewe oplossings vir problemsituasies te kry of om 'n breër verwysingsraamwerk te kry waarbinne 'n probleem in konteks geplaas of objektief ontleed kan word.

Navorsing se waarde lê nie net daarin dat dit 'n onderneming in staat stel om die veranderende omgewing te hanteer nie. Dit is veral daarin geleë dat dit die onderneming 'n voorsprong kan gee. Navorsing kan gebruik word om die veranderinge wat 'n onderneming kan raak, suksesvol en tot voordeel van die onderneming te bestuur. Kwaliteit navorsing is dus nie 'n luuksheid nie - dit is 'n noodsaaklikheid.

Bestuursbesluite word geneem op grond van inligting tot die bestuur se beskikking. Hoe betroubaarder en vollediger die inligting, hoe groter is die kans dat goeie besluite op grond daarvan geneem kan word. Ongeag of dit 'n leefbaarheidstudie, produkontwikkelingsprojek of algemene

marknavorsing is wat gedoen word, die feit bly dat dié navorsing wetenskaplik verantwoordbare en verteenwoordigende inligting moet oplewer.

Die Departement Statistiek lewer reeds 'n geruime tyd 'n statistiese konsultasiediens aan UP en aan buite-instansies. Die Universiteit het egter in die lig van die groeiende behoefte aan dié tipe diens, 'n meer formele struktuur geskep wat aan hierdie behoeftes kan voldoen.

Die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie, beter bekend as Statomet, is op 1 Julie vanjaar in die Departement Statistiek gestig. Statomet is gestig om 'n bydrae tot die verhoging van die kwaliteit van navorsing te lewer, om opleiding in navorsingsmetodologie te verskerp en om 'n diens aan die privaat en openbare sektor te lewer.

As 'n ongeassosieerde instelling sal Statomet as't ware as 'n makeelaar optree. Deur middel van konsultasie, advies, opleiding en begeleiding sal 'n diens gelewer kan word aan eenmansbesighede, maatskappye en marknavorsingshuise. Hierdie tipe diens kan help om bestuursbesluitneming te vergemaklik.

Statomet is dus 'n fasiliteit vir die ontwerp, bestuur en evaluasie van

navorsing deur die wetenskap en tegnologie:

## Die ontwerp

Statomet kan reeds advies en ondersteuning verskaf tydens die ontwerp van 'n navorsingsprojek, veral ten opsigte van probleemformulering, projekontwerp, opnamena-vorsing, steekproefontwerp en vraelysontwikkeling. Vroegtydige ondersteuning is van kardinale belang. Hierdie prosesse, wat die aanvangstadium van navorsing verteenwoordig, kan bepalend wees vir die sukses of mislukking daarvan.

## Die bestuur

Die hoë koste verbonde aan navorsing noodsaak 'n doelgerigte bestuursbenadering. Statomet kan veral behulpsaam wees met aspekte soos projekbestuur, begrotingsbestuur en tydskedulebestuur tydens toegepaste navorsing in probleemoplossingsaksies.

Die personeel van Statomet volg 'n spanbenadering by alle projekte. Afhangende van die doelstellings en eiesoortige eise van elke projek, word 'n projekspan bestaande uit statistiese spesialiste uit die Departement, kundiges uit die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die Universiteit betrek.



### Die navorsing

Die tipe navorsing en dienslewering wat deur Statomet onderneem word of waaroor geadviseer kan word sluit onder meer in: opnamenavorsing; navorsingmetodologie; die analise van ingesamelde data; marknavorsing; versekeringsnavorsing en organisatoriese navorsing binne maatskappye en instellings.

Datastelle wat beskikbaar is in die bedryf word ook tydens die navorsingsproses aangewend. Beskikbare data van onder meer produksie, omset en verkope van maatskappye word aangewend en waar van toepassing met groter nasionale databronne versoen of vergelyk. In terme van tyd en kostes hou hierdie benadering groot voordele in.

### Die tegnologie

Toepaslike en resente tegnologie beskikbaar word deur Statomet tydens dienslewering aangewend. Waar nodig word sekere tegnologie selfs ontwikkel om aan die behoeftes van die navorser of kliënt te kan voldoen. Statomet is veral kundig op die terrein van verskillende steekproefnemingstegnieke. Statistiese tegnieke soos diskriminant-, faktor/item regressie- en ooreenstemmingsanalises word volledig benut.

### Die wetenskap

Die wetenskaplike toepassing van metodes en tegnieke geniet hoë prioriteit by Statomet. Wetenskaplike statistiese tegnieke word aangewend tydens die ontleding van data aan die hand van eksploratiewe-, meervoudige-, kategorie- en kwaliteitskontrole-, tydske- en voorspellingsmodelle. Statistiese toepassings op die terrein van demografie, bio-statistiek, ekonometrie, verbruikersgedrag, mediese en psigometriese navorsing word byvoorbeeld onderneem.

Die oorkoepelende funksie van Statomet is opleiding van gebruikers van statistiek en opnamenavorsing. 'n Verskeidenheid inleidende kortkurse in die gebruik, interpretasie en aanwending van statistiese rekenaarprogramme word aangebied. Gevorderde kurse in meerveranderlike data-ontleding, steekproefontwerp en -trekking is beskikbaar. 'n Breedvoerige opleidingskursus in opnamenavorsing vir die praktyk word in die vooruitsig gestel. Werkwinkels wat maatskappye en organisasies gerig is, word op 'n ad hoc-basis aangebied. Tydens hierdie werkwinkels word 'n praktiese en probleemoplossingsbenadering vir die spesifieke instelling gevolg

binne die raamwerk van die bestaande rekenaarstelsels en databronne wat deur die instelling aangewend word.

'n Multidissiplinêre benadering word dus by Statomet gevolg waar statistiek, opnamenavorsing en bestaande data aangewend word om uitdagings die hoof te bied en in geleentheid te omskep.

Die kundigheid en ervaring binne dié Buro en die Universiteit bied aan die gebruiker van hierdie diens uitmuntende geleentheid, gerugsteun deur 'n makro-instelling sover dit infrastruktuur betref. As makelaar behou Statomet breë kontak met marknavorsingshuise. Daar word van hierdie dienste gebruik gemaak waar nodig, veral met die oog op die daarstelling van die mees ekonomiese pakket vir die navorser en gebruiker.

Die kombinasie van wetenskap en tegnologie binne een besigheidseenheid wat deur middel van opleiding, begeleiding en uitvoering van navorsing in diens van die breë gemeenskap staan, maak Statomet uniek binne 'n tersiêre onderwysinstelling in die Suider-Afrikaanse omgewing. Hier word wetenskaplike navorsing van uitstaande gehalte binne die gebruiker se bereik geplaas. □

Statomet kan help om uitdagings die hoof te bied en in geleentheid te omskep.



*Statomet plaas uitnemende wetenskaplike navorsing binne die gebruiker se bereik. Die bestuurspan is (van links): mnr Deon Herbst, prof Nico Crowther, mnr Jackie Grimbeek, prof Hennie Groeneveld, prof Leon Vivier, prof Chris Smit, prof Stephen du Toit en prof Dawie Stoker*

# Wen oninbare skuld!

Met 'n empiriese ondersoek wat in samewerking met 'n groot bankgroep onderneem is, het dr Tom Cronjé gepoog om 'n oplossing vir oninbare skuld te kry

'n Gemiddelde bedrag van R250 miljoen word jaarliks deur die verskillende bankgroepe vir oninbare skuld begroot. Een van die vernaamste redes vir die hoë omvang van oninbare skuld kan toegeskryf word aan die wyse waarop individue se kredietwaardigheid tans beoordeel word.

Dr Tom Cronjé, senior lektor in die Departement Bedryfsekonomie, het egter 'n oplossing vir dié probleem. Hy het onlangs 'n wetenskaplik gefundeerde model ontwikkel wat handelsbanke in staat stel om individuele kredietwaardigheid meer akkuraat te bepaal. Sodoende sal hulle die stryd teen oninbare skuld makliker kan wen.

As vertrekpunt vir sy studie het dr Cronjé bestaande kredietverleningspraktyke wat by banke gevolg word, ondersoek. Die doel hiermee was die identifisering van die tekortkominge van dié praktyke. "Die faktore wat tans aanleiding gee tot onnodige oninbare skuld moes eers geïdentifiseer word voordat moontlike oplossings daarvoor oorweeg kon word," sê hy.

Volgens dr Cronjé kan die geïdentifiseerde tekortkominge in twee kategorieë ingedeel word. Die eerste kategorie behels tekortkominge wat met 'n gebrek aan gehalte kredietinligting wat nodig is vir die neem van kredietbesluite verband hou. Dit sluit in:

- handelsverwysings wat dikwels nie beskikbaar is nie;
- bankverwysings wat soms misleidend kan wees en
- 'n gebrek aan aanvaarbare norme waarvolgens die juistheid van



*Danksy dr Tom Cronjé se model sal handelsbanke die stryd teen oninbare skuld makliker kan wen*

aansoekers se uitgawes beoordeel kan word.

Die tweede kategorie behels tekortkominge wat met die toepassing van bestaande metodes by kredietwaardigheidsbeoordeling verband hou. Dit sluit onder meer in:

- die onvermoë van bankiers om die gesamentlike voorspellingswaarde van kredietinligting by die bepaling van kredietrisiko in ag te neem;
- subjektiwiteit en vooroordele wat kan voorkom wanneer bankiers hulle eie oordeel by kredietwaardigheidsbeoordeling en onderhoudsvoering gebruik en
- bestaande kredietbepuntingstelsels wat nie wetenskaplik ontwikkel is nie en op gebrekkige kriteria gebaseer is.

Met 'n empiriese ondersoek wat in samewerking met 'n groot bankgroep onderneem is, het dr Cronjé gepoog om oplossings vir hierdie tekortkominge te verskaf. Hy het onder meer statistiese ontledings gedoen om veranderlikes

wat betekenisvol tussen goeie en swak kredietrisiko-klënte onderskei, te identifiseer en te kwantifiseer.

Dr Cronjé het daarna 'n wetenskaplike voorspellingsmodel wat goeie en swak risiko-klënte 80 persent korrek klassifiseer, ontwikkel. Dié model is gebaseer op die gebruik van sekere voorafbepaalde eienskappe waarvoor punte aan kredietansoekers toegeken word op grond van gekodeerde inligting.

Die juistheid van die voorspellingsmodel is bewys deur sowel die suksesvolle toepassing daarvan op 'n kontrolegroep as 'n vergelyking daarvan met die kredietwaardigheidsbeoordelingstelsels van vier Suid-Afrikaanse banke. Die resultate dui daarop dat die model kredietrisiko aanmerklik beter verklaar en grootliks tekortkominge in huidige praktyke oorbrug.

"In die lig van dié resultate glo ek dat hierdie voorspellingsmodel suksesvol in bankwese geïmplementeer kan word," sê dr Cronjé. □





**A**dvertising agricultural products is nothing new. However, new information about the effect of this kind of advertising was brought to light earlier this year when a UP-research project, focusing on advertising in the South African carbohydrate market, was completed. It is the first time in South Africa that a scientific study of this nature had been undertaken.

This research has shown that the effect of advertising on carbohydrate consumption as measured on a macro-level, is insignificant. "As such, it can be regarded as ineffective in the attainment of national goals," says Dr Helmke Sartorius von Bach, who co-headed this project with Prof Johan van Zyl, dean of the Faculty of Agricultural Sciences. Dr Sartorius von Bach is a lecturer in the Department of Agricultural Economics, Extension and Rural Development.

The purpose of their research was threefold, namely to determine:

- whether it pays to advertise carbohydrate commodities;
- whether generic or brand-advertising is more suitable for the South African carbohydrate market and
- what the cross effects of advertising between the different types of carbohydrates are.

The study focused on the staple food (or complex) carbohydrate commodities, namely maize meal, bread, potatoes and rice. According to Dr Sartorius von Bach the interdependence between these four products necessitated taking them into account as a unit.

It was found that the consumption patterns of these staple food products are influenced by a number of factors. The increasing demand for variety in the choice of foods; relative prices and convenience in terms of readiness to eat result in substitution and complimentary effects. When one of these products, for example rice, becomes too expensive, the con-

sumer will substitute it with another (cheaper) carbohydrate product like bread. The complimentary effect refers to the fact that the consumer does not necessarily use only one carbohydrate product. Two or three types of these products can be included in one meal.

Because of the interdependence between these products the researchers had to make use of a system of simultaneous equations. In this way they could determine the relative significance of economic and non-economic factors affecting the demand for maize meal, bread, potatoes and rice on a national or macro-level.

It became evident from their research that the use of generic advertising as a policy tool does not enhance the national demand of either maize meal or potatoes. It was found, however, that brand-advertising does influence the demand of carbohydrates, albeit marginally.

The demand for the four complex carbohydrate products is determined mainly by income and price effects, and to a lesser extent by cross advertising. The results indicate that the effect of this kind of advertising on consumption is, in general, limited.

Dr Sartorius von Bach, however, points out that findings like these cannot be generalized in respect of all carbohydrates and agricultural commodities, since these have different characteristics, income elasticities and price effects.

According to him, advertisers should analyse the use of different media to reach market sectors and should not promote commodities on a national basis.

bui'ten-ge-woon, b.nw. en bw. Ongewoon, in  
 hoë mate; uitstekend: 'n Buitengewone pres-  
 tasie. bui'tengewoonheid.  
 bui'te-nis'sig, b.nw. Afwykend van die gewone  
 snaaks, sonderling, eksentriek: Die buit-  
 sige gedrag van die vreemdeling. bui-  
 bui'tens-huis, bw. Buite die hu-  
 bui'ten-spo'rig.

Sekere mense word geken aan hul andersheid. Hul kundigheid en unieke ervaring op 'n spesifieke vakgebied onderskei hulle van die gewone. Hierdie persone is ware leiers in hul professies.

Die Universiteit van Pretoria het 'n besondere wyse om hierdie bron van gespesialiseerde kundigheid te benut. Geïdentifiseerde kundiges word jaarliks op 'n deelytdse basis by die onderrigprogram van die Universiteit betrek. Die feit dat hulle 'n wesentlike bydrae maak, word onderstreep deur die posbenaming: buitengewone professor.

Die twee buitengewone professore wat vanjaar in die Fakulteit aangestel is, het geen bekendstelling nodig nie. Hulle is mnr Piet Badenhorst en dr Jan Visser.

## Mnr Piet Badenhorst - 'n strategiese bestuurskundige



**D**ie uitvoerende hoof van Amalgameerde Banke van Suid-Afrika Beperk (ABSA), mnr Piet Badenhorst, is as buitengewone professor in die Nagraadse Bestuurskool aangestel. Mnr Badenhorst, wat deurlopend op strategiese vlak by die bestuur van ondernemings betrokke is, sal ses lesings gedurende 1993 aanbied.

“As 'n bestuurskundige op hoëvlak sal mnr Badenhorst lesings in die vakke Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur vanuit 'n strategiese hoek kan aanbied,” sê prof Koos de la Rey, waarnemende direkteur van die Nagraadse Bestuurskool.

Kyk 'n mens na mnr Badenhorst se curriculum vitae, blyk dit dat hy 'n buitengewone presteerder is. As 'n geoktrooierde rekenmeester is hy akademies sterk onderlê. Sy werkloopbaan het in 1954 begin toe hy as 'n leerlingklerk by Dreyer en Dreyer aangesluit het. In 1960 het sy verbintenis met die United Bouvereniging begin. Hy is deur die jare bevorder todat hy in 1985 as adjunkvoorsitter van die Bouvereniging aangestel is.

In 1986, met die stigting van UBS Beherend Beperk, is hy as uitvoerende hoof aangestel. Hy is ook in dié jaar deur *Sunday Times* as een van hulle vyf sakemanne van die jaar aangewys. Op 1 Mei 1987 het hy mnr Phillip Scales as voorsitter van United Bouvereniging Beperk opgevolg. In Augustus 1987, met die totstandkoming van United Bank Beperk, is hy as voorsitter van die Bank aangestel. Hy het ook van 1 Julie 1988 tot 30 Junie 1991 as lid in die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident gedien.

Op 28 Maart 1991 is hy as uitvoerende hoof van ABSA, Suid-Afrika se grootste bankgroep, aangestel. Die Alumnivereniging van die Skool vir Bedryfsleiding aan Unisa het op 20 September 1991 die *Leierskap in Praktyk*-toekenning aan hom toegeken.

Mnr Badenhorst sal van 1 Januarie 1993 as buitengewone professor in die Nagraadse Bestuurskool optree. Hy sal sy professorale intrede op 3 Februarie 1993 lewer.



## Dr Jan Visser - wêreldleier op die gebied van produktiwiteit



Dr Jan Visser, uitvoerende direkteur van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI), is van 1 Januarie 1992 as buitengewone professor in die Departement Bedryfs- ekonomie aangestel. Dr Visser, wat nasionaal en internasionaal vakwetenskaplike erkenning vir produktiwiteitsbestuur verwerf het, bied 'n aantal lesings op honneursvlak aan.

Prof Dirk van Rooyen, hoof van die Departement Bedryfs- ekonomie, sê: "Dr Visser word internasionaal as 'n leier op die gebied van produktiwiteit beskou en sy besondere kundigheid en praktiese insig kan tot groot voordeel van ons nagraadse studente strek."

Dr Visser het in 1955 as 'n buitemuurse student die graad BCom aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was in 1954 en 1955 in 'n administratiewe hoedanigheid onderskeidelik by die Landbank en die Koringraad werk-

saam. Daarna het hy by die Afdeling Bedryfs- ekonomie van die WNNR aangesluit. In 1966 het hy hoof van dié Afdeling geword.

In 1968 is dr Visser voor die uitdaging gestel om 'n produktiwiteitsaksie in Suid-Afrika te loods. Die Nasionale Produktiwiteitsinstituut het in Julie 1968 onder sy leiding tot stand gekom. Die NPI het onder sy leiding tot 'n toonaangewende instelling ontwikkel.

Dr Visser is ook aktief betrokke op ander terreine. Hy dien onder meer as lid in die Raad van Beskermhere van die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die Universiteit van die Oranje- Vrystaat; is lid van die adviesraad vir Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch; lid van die advieskomitee van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria en beskermheer van Tukkietrust. □

## Coopers Theron Du Toit verskaf besigheidso oplossings

### Ons dienste:

- Oudit en alle verwante bevestigings- funksies met 'n hoë vlak van bekwaamheid in rekenaarduid en -sekuriteit
- Rekeningkundig vir nakomings- en bestuursdoeleindes
- Belastingkonsultasie en -nakoming
- Besigheidsadvies en -nakoming
- Bestuursadviesdienste met fokus op inligtingstechnologie, vervaardiging en finansiële bestuur
- Korporatiewe dienste met inbegrip van verkrygings, samesmeltings en oornames
- Persoonlike finansiële beplanning
- Likwidasies en besigheidshersteldienste



**30 kantore in Suid-Afrika. 'n Lid van Coopers & Lybrand se internasionale netwerk**

### Vir nadere inligting, skakel asseblief:

Pretoria	(012) 322-1211
Johannesburg	(011) 498-4000
Kaapstad	(021) 418-3900
Bloemfontein	(051) 58-2356
Durban	(031) 304-4552
Oos-Londen	(0431) 2-5521
Port Elizabeth	(041) 55-7091

**Ons is trots op ons lang verbintenis met die Universiteit van Pretoria.**



**Besigheidso oplossings**

# Direkteure bring wye navorsingskundigheid



**Prof Dawie Stoker** is as direkteur van Statomet aangestel. Prof Stoker is 'n ou bekende in die Fakulteit. Hy was van 1955 tot 1980 aan die Departement Statistiek verbonde, 18 jaar daarvan as departementshoof.

In 1981 het hy hom by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangesluit. Hy het onder meer die poste van direkteur, visepresident, groepoof en bestuurder by die RGN beklee.

Hy het uitgebreide navorsings- en bestuurservaring in die geesteswetenskappe opgedoen, ook ten opsigte van die toepassing van statistiek in die geesteswetenskappe.

Prof Stoker se spesialiteitsrigtings, behalwe navorsingsmetodologie in die algemeen, is navorsingsontwerp, steekproefontwerp en -trekking en dataverkenning en -ontleding.

**T**wee ervare navorsers is op 1 Julie 1992 in die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie, beter bekend as Statomet, aangestel. As voltydse personeel vorm hulle, saam met die bestaande personeel van die Departement Statistiek, 'n gedugte navorsingspan.

Hulle taak is om 'n bydrae tot die verhoging van die kwaliteit van navorsing by Tukkies te lewer en om opleiding in navorsingsmetodologie te verskerp. Nog 'n strewe van dié span is om 'n diens aan die privaat en openbare sektor te lewer.




**Mnr Deon Herbst** is as direkteur: opnamenavorsing van Statomet aangestel. Mnr Herbst het in 1979 as navorsers by die RGN se Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing aangesluit.

Hy het wye navorsingservaring, veral ten opsigte van ontwikkelingsnavorsing in landelike en stedelike gebiede in Suidelike-Afrika en arbeidsverhoudingnavorsing, met die klem op onderhandelinge in die praktyk.

Gedurende 1985 is mnr Herbst as assistentdirekteur by die destydse Meningspeilingsentrum van die RGN aangestel. Met die daartelling van Markdata in 1990 is hy as uitvoerende direkteur van dié besigheidsentrum vir die RGN aangestel. Mnr Herbst se spesialiteitsrigtings is ontwikkelingsnavorsing, marknavorsing en opnamemetodologie. □





*Prof Tienie van Vuuren is rég vir bemarking. Hy is op 1 Mei vanjaar as uitvoerende hoof: bemarking aan die Universiteit van Pretoria aangestel*

# Hy is markklaar

**P**rof Tienie van Vuuren, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool en voormalige professor in Bemarking, is vanaf 1 Mei as uitvoerende hoof: bemarking aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Prof Van Vuuren sal in sy nuwe hoedanigheid veral betrokke wees by die strategiese posisionering van die Universiteit op plaaslike en internasionale vlak. Gesien in die lig van snelle ontwikkeling op tegnologiese, sosiale en politieke terreine van 'n veranderende Suid-Afrika, wag 'n belangrike uitdaging op hom en sy bemarkingspersoneel.

Alle bemarkings- en beeldbou-aktiwiteite van die Universiteit sal onder prof Van Vuuren ressorteer. Ondersoeke om behoeftes en neigings in die Universiteit se verskillende markte te identifiseer, sal uitgebrei word. Hy sal ook ten

nouste betrokke wees by die strategiese beplanningsaksie van die Universiteit.

Prof Van Vuuren beskik oor wye navorsings-, akademiese en sakeervaring op nasionale en internasionale vlak, onder meer as hoof van die Afdeling Tegno Ekonomie van die WNNR, hoofbestuurder van die Merensky Groep maatskappye en besturende direkteur van Nasionale Sorghumbrouerye Beperk. Hy is ook lid van die direksies van verskeie beherende maatskappye.

Prof Van Vuuren het die grade BSc, MBA en DBA aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy is ook 'n geregistreerde natuurwetenskaplike, genoot van die Instituut van Direkteure en die Britse Instituut van Bestuurswese en 'n assessorlid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. □

## PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

### PPS – Professionele Dekking Vir Beroepslui


Die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynelewendekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed – die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

**Alleenlik aan  
Gegradueerde Beroeps-  
lui beskikbaar.**

Spring reg weg . . .  
skakel PPS vandag.



Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika  
Posbus 6268,  
JOHANNESBURG 2000  
Telnr: 29-7863  
Faks: 23-0088




# 'n Gesonde besluit

**T**ydens die prysuitdelings-funksie van die Fakulteit op 14 Mei het 'n ongewone gebeurtenis plaasgevind. Een van die ontvangers kon nie langer as vyf minute wag om sy prysgeld van R5 000 te spandeer nie ...

Dié “verkwister” was niemand anders nie as prof Dieter Gloeck van die Skool vir Rekenmeesters-opleiding (SRO). Prof Gloeck, wat vir die derde agtereenvolgende jaar deur die BCom(Rek)-(Hons)-studente as die beste dosent in die SRO aangewys is, het egter 'n goeie “verskoning”.

“Ek heg baie waarde aan die spreekwoord dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves. Die uitdaging vir vandag se studente lê in 'n goeie balans tussen



Prof Dieter Gloeck (links) neem 'n gesonde besluit en endosseer sy tjeek aan die Tuks-rugbyklub. Mnr Kobus Scheepers (middel) van Coopers Theron Du Toit ondersteun hom en prof Flip van der Watt, studentedekaan en voorsitter van die Tuks-rugbyklub, kyk met afwagting toe

akademie en sport,” sê hy. Dit is waarom hy gevoel het dat hy sy prysgeld vir 'n sportsoort op die Tukkie-kampus wil skenk. As bestuurslid van die Tukkie-rugbyklub en ywerige Blou Bul-ondersteuner, is dit maklik om te raai watter sportsoort die logiese keuse was.

Die firma Coopers Theron Du Toit, skenker van die *Dosent van die Jaar*-toekening, is wel vooraf

ingelig. Hulle was beïndruk met prof Gloeck se strategie om met sy R3 000 prysgeld “punte” aan te teken vir Tuks-rugby. Om hulle steun aan die saak toe te sê, is besluit om die oorspronklike prysgeld met R2 000 te verhoog.

Só het Coopers Theron Du Toit in ware sportmangees aanklank gevind by die nuwe rugbyreëls - die oorspronklike drie is vervyf. □

## WERKGEWERS

### *Is u mediese skema en versekering deel van die oplossing of die probleem?*

Skakel ons vir 'n onafhanklike evaluering en maak sodoende seker dat u bydra tot die oplossing.

Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap  
 Universiteit van Pretoria  
 olv Prof George Marx  
 Tel: (012) 420-3469  
 Faks: (012) 43-2567



# Die mensfaktor

*Communiké fokus vanjaar op twee personeellede wat elkeen 'n nuwe dimensie aan hul vakgebied, Personeelbestuur, verleen het. Hulle is dr Retha Wiesner en mnr Mof Lemmer van die Departement Personeelbestuur.*

## Sy is nommer een

**D**r Retha Wiesner van die Departement Personeelbestuur is die eerste vrou in Suid-Afrika wat die graad DCom(Personeelbestuur) behaal. Met haar proefskrif, getiteld *Kwaliteit van werkslewe: 'n Paradigmatiese ontwikkeling in die bedryfsielkunde en die praktiese implikasies daarvan vir die personeelpraktik*, lewer sy 'n belangrike en oorspronklike bydrae tot dié vakgebied in Suid-Afrika.

Sy ontleed die proses van paradigmatische verandering in die bedryfsielkunde en ondersoek die praktiese implikasies daarvan vir ses personeelpraktike, naamlik

posontwerp, keuring, prestasiebeoordeling, opleiding en ontwikkeling, vergoeding en arbeidsverhoudinge.

Hiermee verskaf sy 'n nuwe perspektief op toekomstige personeelpraktike in Suid-Afrika, asook op die bestuurswetenskappe in die algemeen. Die bestuursonsekerheid en -kompleksiteit wat in die huidige tydgewrig en sake-omgewing in tempo en omvang toeneem, noodsaak 'n wegbeweging van die tradisionele bedryfsielkundige paradigma. Hierdie navorsing omlin duidelik hoe so 'n verskuiwing daar uitsien.



*Vroue bereik steeds hoër hoogtes: Dr Retha Wiesner is die eerste vrou in Suid-Afrika wat die DCom(Personeelbestuur)-graad behaal*

## 'n Buitengewone bydrae

**D**ie Departement Personeelbestuur het op 25 September vanjaar afskeid geneem van mnr Mof Lemmer, buitengewone lektor en deskundige in arbeidsverhoudinge. Mnr Lemmer, wat op 1 Julie 1987 in dié Departement aangestel is, het hom oor die afgelope vyf jaar beywer om te verseker dat Tukkie's 'n leiersrol in die opleiding in arbeidsverhoudinge speel.


Benewens die ontwikkeling en uitbouing van die vak Arbeidsverhoudinge op voor- en nagraadse vlak, was hy ook verantwoordelik vir die daarstelling van die Sertifikaatkursus in Arbeidsverhoudinge. Sy eie ervaring en kontak met die praktiek het verseker dat hy veral die praktiese aanwending van die teorie kon beklemtoon.

Mnr Lemmer het verder verseker dat die Departement op hoogte bly

van internasionale veranderinge en aanpassings op die gebied van arbeidsverhoudinge. Sodoende kon hy daarin slaag om, deur die bestaande departementele kursusse aan te pas en verder te ontwikkel, tred te hou met resente oorsese ontwikkelinge op die gebied van arbeidsverhoudinge.

Die belangrikste bydrae wat mnr Lemmer egter op dié gebied gelewer het, is sy aktiewe betrokkeheid by die daarstelling van die Gevorderde Sertifikaatkursus in Arbeidsverhoudingebestuur waaruit 'n magistergraad in Arbeidsverhoudingebestuur ontwikkel is.

Die Universiteit van Pretoria sal van 1993 die MCom/MAdmin-(Arbeidsverhoudingebestuur)-graad aanbied. Sover bekend is die praktiese benadering wat gevolg word in die aanbieding van die graad



*Mnr Mof Lemmer het 'n wesentliche bydrae tot die opleiding in arbeidsverhoudingebestuur gelewer*

eiesoortig in Suid-Afrika. Mnr Lemmer sal nog steeds op 'n tydelik-deeltydse basis betrokke wees by die aanbieding van die Arbeidsverhoudingekursusse. □



# Sewe stappe in die regte rigting

Werkgewers en werknemers het 'n wesenlike probleem met steeds stygende koste van mediese skemas. Mediese versekering, as enigste alternatief, slaag ook nie daarin om die individu van ontoereikende dekking te vrywaar nie.

Waarin lê die oplossing dan?





**V**olgens prof George Marx, bekleër van die Momentum Leerstoel in Versekerings- en Aktuariële Wetenskap, lê die oplossing in 'n nuwe bedeling. Hy wys daarop dat enige nuwe bedeling sewe kritieke stappe behoort te volg indien dit die probleem van hoë mediese koste effektief wil oplos.

“Die kern van die probleem is oorbenutting deur die lid en oorbediening deur leweransiers van mediese dienste en middele. Dit is hierdie aspekte wat aangespreek behoort te word in die soeke na 'n oplossing,” sê prof Marx.

**Die sewe stappe wat hy voorstel is:**

## 1 Tref 'n onderskeid tussen ernstige en minder ernstige siekte-toestande:

Hierdie onderskeid is kritiek omdat die twee toestande verskillende risikokenmerke dra. Ernstige toestande kom min voor, het groot finansiële impak en is moeiliker om te manipuleer. Minder ernstige toestande het teenoor-gestelde kenmerke.

Juis omdat minder ernstige toestande makliker is om te manipuleer, neig mense om altyd die gesofistikeerdste en duurste behandeling te gebruik wat mettertyd onbekostigbaar word, soos wat die geval nou is met die tipiese mediese skema.



## 2 Moedig lede aan tot selfdisipline en kostebesparings ten opsigte van minder ernstige toestande:

Die skema moet hom leen tot kostebewustheid by die lid en die leweransier. 'n Aansporingsbonus kan oorweeg word vir lede wat oordeelkundig en gedissiplineerd optree.

Die skema behoort ook 'n rol te speel om goedkoper dienste en middele vir die lid te help bekom, aangesien die individu gewoonlik nie die kennis of moed sal hê om die “mark” te toets vir goedkoper pryse nie.



## 3 Voorsien bestuurde sorg ten opsigte van ernstige toestande:

Hier moet seker gemaak word dat die pasiënt die regte behandeling kry, wat op die korttermyn duurder mag wees, maar op die langtermyn koste behoort te bespaar. Dit beteken dat deskundige mediese kennis vir die skema toeganklik moet wees. Finansiering hiervoor moet volgens die grondbeginsels van versekering bedryf word.



## 4 Begroot vooraf vir pensioentrekkers:

Die huidige kruissubsidiëring van pensioentrekkers deur aktiewe lede kan nie volgehou word nie. Daarom behoort enige nuwe skema doelbewus vir toekomstige pensioentrekkers te begroot sodat hulle die nodige sekuriteit kan hê.



## 5 Maak voorsiening vir noodgevälle:

Provinsiale hospitale as nasionale gesondheidstelsel se taak lê oorwegend by primêre gesondheidsorg. Omdat baie privaat skemas nie vir noodbehandeling na motorongelukke betaal nie, word provinsiale hospitale feitlik lamgelê met sulke gevälle. Hulle slaag ook nie daarin om dieselfde gehalte nasorg te bied as wat lede van hulle mediese skema verlang nie.

## 6 Skep 'n gerieflike betalingstelsel:

'n Gerieflike en betroubare betalingstelsel is noodsaaklik en hou voordele in vir die lid en die leweransier.




## 7 Openbaar alle koste-elemente:

Met soveel spelers wat die mark vir finansiering van mediese koste betree, is dit noodsaaklik dat alle koste-elemente soos kommissie, bedryfskoste en versekeringspremies geopenbaar word.

Uit hierdie sewe riglyne, veral met betrekking tot die onderskeiding tussen ernstige en minder ernstige toestande, is dit duidelik dat kostebesparingsmaatreëls op eersgenoemde en versekeringsbeginsels op laasgenoemde toegepas behoort te word.

Dit impliseer dat versekeraars en mediese skemas doelbewus moet saamwerk om die geskikste oplossing te ontwikkel - 'n oplossing wat werklik die openbare belang sal dien. □



# Maak werk hiervan

Die Departement Ekonomie het oor 'n aantal jare wye navorsing oor verskeie fasette van die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika onderneem. Enkele van die bevindings en neigings word hier uitgelig.

**M**eer as 5 miljoen mense in Suid-Afrika (insluitend die TBVC-lande) is tans sonder 'n formele werkgeleentheid. Dit beteken rofweg dat twee uit elke vyf ekonomies aktiewe Suid-Afrikaners werkloos is. Om dié bitter pil ietwat soeter te maak, moet gemeld word dat ongeveer 3 miljoen werkers wel 'n heenkome in die informele sektor vind.

Tog is dit 'n onbetwisbare feit dat Suid-Afrika tans met die ernstigste werkloosheidsprobleem sedert die na-oorlogse jare worstel. Navorsing het getoon dat ongeveer 350 000 nuwe werkgeleenthede jaarliks geskep moet word om eerste toetreders tot die arbeidsmark te kan akkommodeer. Dit is inderdaad 'n groot probleem - maar ook 'n groot uitdaging - wat die gemeenskap voor die deur lê.

Vele vrae spruit voort uit die probleem. Het die Suid-Afrikaanse ekonomie die vermoë om werk te skep, verloor? Waar kan die oorsake van die ernstige knelpunt

gesoek word? Op hierdie en ander vrae is daar ongelukkig nie enkelvoudige antwoorde nie. Verskeie sikliese en strukturele faktore lê ten grondslag van die probleem.

Dekades lank word Suid-Afrika se demografie gekenmerk deur 'n relatief hoë bevolkingsaanwastempo wat weer toenemend druk op die werkskeppingsvermoë van die ekonomie plaas. Hiermee saam het die ekonomie sedert die sestigerjare 'n stagnante groeipatroon openbaar. Die goue groeitydperk van die sestigerjare is mettertyd oorskadu deur 'n dalende groeitempo. In die tagtigerjare was die groeitempo van die ekonomie aansienlik laer as dié van die bevolkingsaanwas.

Hierdie strukturele wanbalans het dan ook 'n stygende werkloosheidsvlak tot gevolg gehad. So byvoorbeeld absorbeer die formele ekonomie tans minder as tien uit elke 100 nuwe toetreders tot die arbeidsmark.

Die belangrikste faktore wat die ekonomiese groeiproses so nadelig beïnvloed het, sluit in die skepping van te hoë verwagtinge by die gemeenskap ten opsigte van dramatiese politieke en ekonomiese hervormings (veral in die tagtigerjare), verkeerde en ongekoördineerde beleidsopsies, sanksies en boikotte van 'n vyandiggesinde buitewêreld, buitelandse skuldstilstandimplikasies, stygende belastingdruk op die private sektor, die opkoms van mili-





tante vakbond-groeperinge en hul eise, droogtes en ander natuurrampe.

Hierdie faktore, tesame met 'n toene-mende vlak van poli-tieke onstabiliteit en onluste, het in die jongste tyd meegebring dat binne- en buitelandse beleg-gersvertroue baie laag is en dat hoop op 'n vinnige ekonomiese herstel verskraal.

Die owerheid het die omvangryke werkloosheidsprobleem op verskeie fronte gepak. Regstellingsaksies wat geïmplementeer is sluit in: groter klem op werkskeppende owerheidsuitgawes (soos onderwys, behuising en ander infrastruktuur-besteding), groter uitbetalings onder die werkloosheidsversekerings-fonds, opleiding van werkloos, opskerpings van indiensplasing-programme, direkte finansiële hulp ten opsigte van die toenemende armoedeprobleem, uitgebreide aanmoediging en ondersteuning van die kleinsakesektor (formeel en informeel), stimulerings van uitvoer-

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het die potensiaal om die werkloosheidsprobleem die hoof te bied

gerigte nywerhede, die bevolkings-ontwikkelingsprogram, vernouing van die gaping in die pensioene van die verskillende bevolkings-groepe en droogtehulpprogramme vir boere en hulle werknemers.

Alhoewel die owerheid en die pri-vaat sektor oor 'n breë front die werkloosheids- en armoedeproble-me aanspreek, sal dit nog 'n geruime tyd duur voordat noemens-waardige en deurlopende ekono-miese herstel sal plaasvind. In dié verband is sekere voorvereistes vir 'n fundamentele ekonomiese her-stelproses nodig.

Bo-aan die lys is die herstel van politieke en ekonomiese vertroue en die stabilisering van die onlus-situasie in die land. Dit sal alleenlik kan geskied indien konsensus bereik word oor die toekomstige politieke en ekonomiese strukture.

Verder sal 'n groter mate van dis-pline en realisme in die vakbond-wese moet plaasvind om basiese prysverwringings in die ekonomie te herstel. Finansiële sanksies teen Suid-Afrika moet ook volledig

opgehef word om 'n onbelem-merde toegang tot oorsese geld- en kapitaalmarkinstellings te verseker. Die owerheid sal ook in dié om-standighede die nodige groei- en ontwikkelingsklimaat moet skep om produksie te laat gedy.

Die geweldige strukturele werk-loosheidsprobleem in Suid-Afrika is simptome van die ernstige ekonomiese probleme waarmee tans geworstel word.

Die Departement Ekonomie het met hul navorsing bepaal dat, in-dien alle beperkinge en inhiberende groeifaktore ter syde gestel word, dit binne die vermoë van Suid-Afri-ka is om die groeiprestasie van die Oosterse lande te ewenaar en selfs verby te steek. 'n Kontinue reële groeikoers van meer as 7 tot 8 persent is binne die Suid-Afrikaanse ekonomie se potensiaal.

Hierdie potensiaal moet egter ten volle benut word. Slegs wan-neer daar werk gemaak word van dié aangeleentheid, kan 'n mens hoop op 'n verbetering van die huidige werkloosheidsituasie. □

## LEWENSVATBARE OPLOSSINGS VIR MENSLIKE PROBLEME

### Ons spesialiteit!

#### Die RGN lower talle produkte en dienste vir:

- *Verhoging van produktiwiteit*
- *Verbetering van arbeidsverhoudinge*
- *Bevrediging van inligtingsbehoefes*
- *Bevordering van doeltreffende bestuur*
- *Ontwerp en evaluering van VIGS- en gesondheidsprogramme*
- *Selektering, vergoeding, opleiding en bevordering van personeel*
- *Meet en bestuur van gehalte van diens*
- *Evaluering van sosiopolitieke tendense*
- *Investering in die gemeenskap*
- *Begrip van kliënte se behoeftes*
- *Bepaling van bedryf se beeld*

Skakel ons INFOSTOP om vas te stel wat ons vir u kan doen

INFOSTOP tolvry 0800-11-77-55  
0800-11-77-33



HSRC

RGN



# Kortkursusse kán 'n belegging wees

Kortkursusse het wêreldwyd in belangrikheid toegeneem. As bron van opleiding, veral met betrekking tot indiensopleiding, speel kortkursusse 'n geweldig belangrike rol. Die wye verskeidenheid kursusse wat tans landwyd beskikbaar is, skep egter 'n groot probleem. Die bestuur van talle ondernemings het die onbenydenswaardige taak om uit hierdie verskeidenheid van kursusse tot hulle beskikking te kies.



*Kies die regte kortkursus en maak 'n langtermynbelegging - prof Koos de la Rey, waarnemende direkteur van die Nagraadse Bestuurskool*

**D**ie vraag wat ontstaan is of die kursus doeltreffend aan die onderneming se behoeftes sal kan voldoen; waarde vir geld sal bied en wel alles sal wees en bied wat in die advertensie beloof word.

Prof Koos de la Rey, waarnemende direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, gee enkele riglyne wat gebruik kan word om 'n kortkursus te beoordeel voordat besluit word om daarin te belê.

Hy begin met 'n definisie: " 'n Kortkursus is 'n kursus van ten minste 30 kontakure wat aangebied word om studente in een of ander rigting op te lei." Volgens hom is 'n kursus met minder as 30 blootstellingsure 'n seminar, kongres of 'n lesing.

Hy wys daarop dat dit belangrik is vir enige onderneming om 'n presiese behoeftebepaling te doen voordat daar op 'n kursus besluit word. "Die belangrikste aspek wat moet aandag geniet, is die soort opleiding wat benodig word. 'n Firma bestaande uit opgeleide ingenieurs wat uit die aard van hul werk deurlopend finansiële besluite moet neem, se behoeftes sal basiese opleiding in finansiële bestuur behels," sê hy.

Volgens hom behoort die volgende aspekte ook aandag te geniet voordat op 'n kortkursus besluit word:

- Hoeveel opleiding is nodig?
- Op watter tydstip in die werknemer se loopbaan moet hy hierdie opleiding ontvang? Moet die onderneming die opleiding self onderneem of moet 'n buite-instansie gebruik word om dit te verskaf?
- In geval van laasgenoemde, watter buite-instansie?
- Moet dit inhuusopleiding wees of moet die werknemers saam met werknemers van ander ondernemings klasse bywoon?
- Watter finansiële implikasies hou die opleiding vir die onderneming in?

Hy beklemtoon dat 'n onderneming slegs 'n besluit oor opleiding sal kan neem as die taakkomponente van die werknemers vasgestel is. "Hieruit kan bepaal word watter kennis nodig is om die taak suksesvol uit te voer. Daarna moet die kennis wat per werknemer ontbreek ontleed word. Dit sal 'n aanduiding gee van die tipe en hoeveelheid opleiding wat benodig word," sê hy.

Hy is ook van mening dat werknemers so gou moontlik die nodige opleiding moet ontvang. Dit kan indiensopleiding onder toesig van 'n mentor en studieverwante opleiding insluit. Met studieverwante opleiding het ondernemings die keuse om of self kortkursusse



aan te bied, of om 'n buite-instan-  
sie soos 'n universiteit te gebruik  
om dit by die onderneming aan te  
bied, of om werknemers na oop  
kortkursusse te stuur.

“Dit maak sin vir groot onderne-  
mings om self kursusse aan te bied  
vir hul personeel as buite-insette nie  
nodig is nie en die onderneming  
groot genoeg is om 'n opleiding-  
span voltyds besig te hou,” sê hy.

“Hier moet 'n mens versigtig  
wees dat werknemers nie die oplei-  
ding sien as opleiding wat net tot  
die onderneming se voordeel strek  
nie. In so 'n kursus is dit raadsaam  
om 'n buitestaander te gebruik om  
enkele aspekte, soos motivering en  
die verandering van denkrigtings,  
aan te bied,” verduidelik hy.

Volgens prof De la Rey word dit  
egter al hoe belangriker dat 'n  
onderneming meer opleidings-  
deskundiges van buite die onderne-  
ming betrek sodra daar na mid-  
delbestuur beweeg word. “'n  
Model wat hier goed werk is 'n  
gesamentlike kursus tussen 'n uni-  
versiteit en die onderneming. Hier  
verkies ek 'n model waar die be-

stuur van die onderneming en die  
opleidingsinstansie die kursus saam  
beplan. Die opleidingsinstansie  
hou toesig oor die standarde van  
aanbieding en evaluering en ver-  
skaf die sertifikaat sodra die kur-  
susgangers aan die standarde en  
bepalings van die kursus voldoen,”  
sê hy.

Hy verduidelik dat hierdie oplei-  
ding goedkoper kan wees indien  
die onderneming self die fasiliteite  
beskikbaar stel of goedkoop kan  
huur. Hy wys daarop dat daar  
ook nadele aan dié tipe kursus  
verbonde is.

Die grootste nadeel is dat daar  
geen wisselwerking tussen die stu-  
dente van die onderneming en dié  
van ander ondernemings plaasvind  
nie. “Ons het gevind dat hierdie  
wisselwerking bevorderlik is vir  
goeie opleiding op bestuursvlak,  
veral as studente gevallestudies in  
groepe moet hanteer,” sê hy.

Hy is van mening dat oop kur-  
susse die nodige wisselwerking van  
idees met werknemers van ander  
ondernemings verseker. Dit is tans  
'n baie gewilde vorm van opleiding

wat met groot vrug aangewend kan  
word, mits die regte opleidings-  
instansies gebruik word.

Om seker te maak dat die beste  
instansie gebruik word, behoort  
ondernemings op die volgende as-  
pekte te let:

■ Soek 'n opleidingsinstansie wat  
geskik is vir aanbieding van die  
tipe opleiding wat benodig word.

■ Soek 'n instansie wat erkenning  
geniet vir sy vlak van bestuurs-  
opleiding.

■ Soek waarde vir geld - die  
duurste kursus is nie noodwendig  
die beste nie.

■ Soek 'n instansie waar dosente  
gewoond is om op 'n seniorvlak  
klas te gee.

■ Soek 'n sertifikaatprogram wat  
deur die mark aanvaar word.

Prof De la Rey sluit af met die  
leuse wat die Nagraadse Bestuur-  
skool by die aanbieding van kort-  
kursusse stel: “Dit is ons doel om  
aan u wysheid en kennis te gee, aan  
die jongelinge kennis en oorleg.” □


Onderne-  
mings moet  
baie versig-  
tig wees,  
want baie  
opleidings-  
instansies  
is goeie  
bemarkers,  
maar as  
hulle produk  
ontleed  
word, bied  
dit baie min

# MANAGEMENT PROGRAMMES

- ▶ **MBA (Master's Degree in Business Administration)**
- ▶ **BOP (Bestuursontwikkelings-program)**
- ▶ **Advanced Financial Management**
- ▶ **Finansiële Bestuur vir Nie-Finansiële Bestuurders**
- ▶ **Project Management**

**Tel: (012) 420-3347**

**Fax: 43-7223**



**NAGRAADSE BESTUURSKOOL  
GRADUATE SCHOOL OF MANAGEMENT**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA • UNIVERSITY OF PRETORIA

- Women as Executives** ◀
- SBP (Senior Bestuursprogram)** ◀
- MP (Management Programme)** ◀
- Bemarking** ◀
- Lotus 1-2-3** ◀
- Strategic Production/Operations Management** ◀

# Bestuur bates beter

“S it dit op die boek” of “skryf maar op” is algemene spreektaaltermes waarmee landboukoöperasies reeds lank bekend is. In saketerme beteken dié woorde dat aankope op skuld gedoen word. Verlening van krediet en kredietnasorg is egter nie iets wat sommer lukraak gedoen kan word nie. Debiteure word as ’n bate van enige onderneming beskou en moet dus, soos alle ander bates, effektief bestuur word.

In die lig van ’n steeds groterwordende behoefte aan meer finansiële en bestuurskundigheid, het die Suid-Afrikaanse Landbouunie (SALU) die Departement Bedryfseconomie genader om kursusse, wat spesifiek op landboukoöperasies van toepassing is, te ontwikkel.

’n Sertifikaatkursus in kredietbestuur en een in voorraadbestuur, gerig op dié besondere teiken-

groep, word vanjaar vir die eerste keer deur die Departement se Eenheid vir Bestuursontwikkeling (EBO) aangebied.

Die leerplanne is in samewerking met verteenwoordigers van landboukoöperasies landwyd ontwikkel. Die studiemateriaal is goedgekeur deur ’n werkgroep bestaande uit verteenwoordigers van die SALU en landboukoöperasies. Sodoende is verseker dat praktiese opleiding in kredietbestuur en voorraadbestuur verskaf word.

Die doel van hierdie kursusse is om personeel binne die koöperasiewese met basiese vaardighede toe te rus. Korrekte kredietverle-ningsbeginsels en kredietnasorg word veral beklemtoon in die kursus wat op personeel betrokke by kredietbestuur gerig is. Personeel van handelsafdelings word op hulle beurt toegerus met die kundigheid

om optimale voorraadbestuur binne koöperasies toe te pas.

Beide kursusse word oor ’n tydperk van ses maande aangebied en sal jaarliks herhaal word. Hoewel ’n afstandonderrigmetode gevolg word, word daar vir beide kursusse twee verpligte groepbyeenkomste van drie dae elk by die Universiteit van Pretoria aangebied.

Praktiese gevallestudies wat afgestem is op landboukoöperasies en gerugsteun word deur rolspel-oefeninge, word tydens hierdie byeenkomste hanteer.

Daar word van kandidate verwag om praktiese werkopdragte vir elke saminering in te handig. Skriftelike eksamens word na afloop van die kursusse by amptelike sentra landwyd afgeneem.

Sertifikate in onderskeidelik kredietbestuur en voorraadbestuur word aan kandidate wat die kursusse slaag, toegeken. □

## UNIVERSITEIT VAN PRETORIA Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

# Departement Personeelbestuur

In sy strewe na uitnemendheid bied die Departement Personeelbestuur tans verskeie kursusse in Arbeidsverhoudinge aan:

- **Sertifikaatkursus in Arbeidsverhoudinge**
- **Sertifikaat in Gevorderde Arbeidsverhoudingebestuur**
- **MCom of MAdmin (Arbeidsverhoudingebestuur)**

*Al hierdie kursusse is op die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gerig.*

Belangstellendes kan mev. Therese Bron skakel by tel (012) 420-3108 of (012) 420-3074.



# Klop staatsboeke met dié kursus

'n Moet vir elke rekenmeester in die openbare sektor. Dit is die mening van mnr Johan Keet van die Departement Handel- en Nywerheid oor die kursus *Finansiële Bestuur in die Openbare Sektor*. Hierdie kursus is gedurende Junie en Julie vanjaar deur die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) aangebied. Volgens mnr Keet het die SRO hiermee daarin geslaag om in die spesifieke behoeftes van die staatsrekenmeester te voorsien.

niet. Die laaste aspek, beplanning en beheer, het onderwerpe soos begrotings en standaardkoste ingesluit.

Die kursusinhoud is in oorleg met mnr Perry Pinkham, hoofdirekteur van die Instituut van Opleiding vir die Kommissie van Administrasie, saamgestel. Die kursus is oor 'n tydperk van agt weke op Woensdae aangebied.

Kursusgangers het vooraf 'n volledige stel kernaantekeninge ontvang. Die program is so beplan dat kursusgangers genoeg tyd gehad het om lesingmateriaal voor te berei en tuisopdragte te voltooi.

Lesings het op die bespreking van gevallestudies gekonsentreer.

Die kursus is deur 60 rekenmeesters van 30 verskillende staatsdepartemente bygewoon en uitstekende resultate is behaal. Terugvoer wat van kursusgangers ontvang is, is baie positief. Volgens mnr Hennie Schyman van die Departement Staatsbesteding was hierdie kursus uiters leersaam. "Dit lewer beslis 'n bydrae tot die opheffing van finansiële administrasie in die openbare sektor," sê hy.


Vir meer inligting, skakel prof Herman de Jager, direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding by (012) 420-2701. □

**E**en van die onderwerpe wat behandel is, is die ontleding van finansiële state. "Omdat staatsrekenmeesters die state van verskeie maatskappye moet kan interpreteer en omdat staatsafdelings in die rigting van kommersialisering beweeg, is dit belangrik dat hulle oor hierdie kennis beskik," sê prof Quintus Vorster, koördineerder en medeaanbieder van die kursus.

Ten einde die doeltreffendheid van staatsdepartemente verder te verbeter, is daar ook op prestasie-evaluasie gekonsentreer. Die basiese beginsels van prestasie-meting, asook die effektiewe toepassing daarvan in die openbare sektor, is behandel.

Die bepaling van die koste-elemente van goedere en dienste om staatsrekenmeesters in staat te stel om effektiewe besluite tydens kapitaalbegrotings te kan neem, het aandag ge-

*Die ontleding van finansiële state - 'n onontbeerlike vaardigheid wat in 'n kursus vir staatsrekenmeesters beklemtoon word*



# Nuut op die BOEKRAK

Die personeel van die Fakulteit lewer 'n belangrike bydrae op die gebied van publikasies. *Communiké* fokus op enkele van die boeke wat vanjaar verskyn het:



## In 'n neutodop


Die handboek, *Rekeningkunde in 'n neutodop*, is gerig op die student wat nie agtergrondkennis van Rekeningkunde as skoolvak het nie. Die rekeningkundige proses word volledig aan die hand van 'n eenmansaak verduidelik. Elke hoofstuk bestaan uit 'n teoretiese gedeelte met uitgebreide voorbeelde, oefeninge en voorgestelde antwoorde.

Die outeurs is mnr Ludwig Düvel, lektor in die Departement Rekening- en Ouditkunde en mev Hettie de Wet, voormalige departementshoof van Rekeningkunde aan die Hoërskool Waterkloof. Die boek word uitgegee deur *Delta Opvoedkundige Uitgewers*.

## Wees verseker

Die publiek is dikwels onseker of 'n versekeringsmakelaar hul objektief oor versekeringsbehoefte kan adviseer. Prof George Marx van die Departement Versekeringswese wil met 'n praktiese handleiding, getiteld *How to buy the right life assurance for you in South Africa*, die individu help om 'n polis te kies wat die beste aan sy/haar individuele behoeftes voldoen.

Dit is die eerste boek in Suid-Afrika wat die basiese elemente van 'n lewensversekeringspolis uitstippel. Prof Marx onderskei duidelik tussen lewensversekering en spaarplanne. Die boek word deur *Jonathan Ball Publishers* uitgegee.




## Enige vrae?

Die publikasie, *Vraebundel - Maatskappy finansiële state*, is enig in sy soort, nie net met betrekking tot die onderwerp nie, maar ook omdat dit oor 'n volledige stel vrae beskik. Alle aspekte rakende die opstel van maatskappy finansiële state word behandel.

Die outeurs is mnr Tienie Viljoen, senior lektor van die Departement Rekening- en Ouditkunde (UP) en prof Albert Grobbelaar van Unisa. Die *Vraebundel* is in beide landstale beskikbaar. Die uitgewers is

*Butterworths.*









### Leer openbare sektor bestuur

Die boek, *Publieke Administrasie en Bestuur*, kan as 'n aandeel in die opleiding en opvoeding van hoogsgekwalfiseerde amptenare van alle owerheidsektore beskou word.

Dié handboek kan deur sowel eerstejaarstudente in Publieke Administrasie as owerheidsamptenare gebruik word as 'n oriëntering tot die vakgebied.


Die outeurs is proff Paul Botes en Petrus Brynard, asook drr David Fourie en Nico Roux van die Departement Publieke Administrasie. Die Engelse weergawe van die boek sal in Januarie 1993 verskyn. Die boek word deur *De Jager-HAUM* uitgegee.



### Wen met Wenke

Prof Andrew Marx van die Departement Bedryfsekonomie het vorendag gekom met 'n praktiese handboek oor wenkeskemas. Sover bekend is die boek, *A practical guide on implementing suggestion systems*, die eerste van sy soort in die wêreld. Dit is nuttig vir bestuur in die handel en nywerheid.

Prof Marx behandel die filosofie van wenkeskemas en verduidelik hoe om dit te implementeer. 'n Aantal konsepdokumente wat met geringe aanpassings in enige onderneming gebruik kan word, is by die publikasie ingesluit. Die boek word deur *Juta* uitgegee.



### Verhoog produksie só

Die eerste omvattende handboek oor produksie- en operasionele bestuur het vanjaar uit die pen van prof Piet de Wit van die Departement Bedryfsekonomie en mev Susan Hamersma van Unisa verskyn. Die publikasie, *Produksie - en operasionele bestuur*, voorsien in 'n dringende behoefte aan 'n handboek wat 'n wye spektrum van produksie- en operasionele bestuur dek.

Met die Suid-Afrikaanse konteks as vertrekpunt, sal veral voorgraadse studente met die vakinhoud kan identifiseer. Die boek word deur *Southern Publishers* uitgegee.

### Reken nou net

Die boek *Beskrywende Rekeningkunde* behels 'n omvattende interpretasie van gepromulgeerde Suid-Afrikaanse algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en 'n uiteensetting van sekere rekeningkundige riglyne. Rekeningkundige standpunte word bespreek en met illustrasies toegelig. Kommentaar en agtergrondinligting oor meer omstrede aangeleenthede word ook verskaf.



*Beskrywende Rekeningkunde* is die enigste omvattende Afrikaanse handleiding oor hierdie onderwerp. Die outeurs is proff Quintus Vorster, Adolph Joubert en Marius Koen. Die boek word deur *Juta* uitgegee. □



# Image of success

In 1990 the EBI-project for first-year marketing students was launched. By all accounts this innovative project, currently in its third year, is an unprecedented success.

*Going for gold - the Sieg Marx EBI (gold) for the winning advertising campaign: the pinnacle of success for first-year students in Marketing Management*

**T**he name EBI, which stands for *Eerstejaars Bemerking Inisiatiewe*, was chosen by the students themselves. This project comprises the creation of an advertising campaign, after the students have obtained first hand knowledge of the promotional mix theory. The project is run on a competition basis and the different groups compete for bronze, silver and gold awards in the printed media, radio, television and total campaign categories.

The judging of all the entries is run along the lines of the well known Loerie awards. The winning campaign is awarded the *Sieg Marx EBI-toekenning* (gold), designed and cast by Mr André Otto from the Department of Fine Arts and History of Art of the University.

**The EBI-project was launched to develop curiosity and foster independent learning**

According to Mr Piet van Heerden, senior lecturer in Marketing Management, the success of this



project can be attributed to a number of factors. "The EBI-project was launched to develop curiosity and foster independent learning," he says. This goal followed from the University's student-centered teaching approach, where the focus is on learning, on the achievement of specified learning goals and on active participation by all students.

Mr Van Heerden points out that this project is a practical example of how self-learning can be encouraged. "Many first-year students still want to be spoonfed. By weaning them at an early stage, they learn to fend for themselves, to think outside the norms laid down by society and, hopefully, to become thinking human beings," he says.

**It offers students a meaningful escape from the drudgery of the regular slow-paced classroom**

This opportunity for self-learning is, according to Mr Van Heerden, one of the main reasons why the project is so successful. Another success factor, he believes, is the fact that this project provides unlimited scope for creativity and involvement. "It offers students a meaningful escape from the drudgery of the regular slow-paced classroom. It opens up new horizons and offers exciting opportunities to create, to experience and to practice the skill of thinking, learning and problem solving," he says.

**The only thing lecturers need to do, is to challenge the students with problems and opportunities for learning**

An enriched environment alone will not result in gifted students. Much depends on the way in which they have been taught to think. Mr Van Heerden says that the only thing lecturers need to do, is to challenge the students with problems and opportunities for

learning. He says: "The students will develop their own skills to face up to these challenges."

And how have they faced up to the challenges so far? "Incredibly well. The level of creativity and standard of work is surprisingly high. The winning campaigns can easily be compared with those of professional agencies," he says.

Neon Denims, a fictional product, was used for the 1990-campaign. Due to the success of the first project, various organizations requested the Department to use their products for future campaigns. In 1991 the campaign product was an affinity credit card and this year the marketing of a service, Occupational Therapy, was chosen for the campaign.

**Already in the initial briefing session the students start to realise the importance of what they are about to do**

The fact that the students have to deal with a real life situation, with a real organization faced with real problems that need to be addressed with effective marketing, is another factor that contributes to its success.

"It is not just a game. Already in the initial briefing session the students start to realise the importance of what they are about to do," says Mr Van Heerden. And if one takes into account that the winning campaign (or part of it) might be implemented by the organisation, one realises that these students really can make a difference. There are other spin-offs from this contact with the "real" world. For example, a student enquiry about a quotation resulted in a pledge from the printer to sponsor 5 000 brochures for Occupational Therapy.

**The professionals are marvellous. They answer the students' questions about**

**budgets and media planning and even share a few tricks of the trade**

Another success factor is the fact that this project provides the opportunity for students to come into contact with professional advertising agencies, production houses, the media, design houses and printers - in fact, with anybody involved in the marketing game. "The professionals are marvellous. They answer the students' questions about budgets and media planning and even share a few tricks of the trade," Mr Van Heerden explains.

**This Department makes it possible for the finalists to produce their own television and radio advertisements**

According to him there is yet one other vital success factor - the fact that the projects that make it through to the final round, are actually produced. "One must bear in mind that the students only submit their advertisements for the printed media in print-ready form. Their television and radio advertisements are only submitted in a storyboard version," Mr Van Heerden explains. This means that the students cannot be 100 percent certain of what the finished product will look like.

The Audiovisual Department of the University plays a major role at this stage. This Department makes it possible for the finalists to produce their own television and radio advertisements. These are shown at the gala award-giving ceremony. The quality of work done is excellent. In fact, there is a possibility that this year's award-winning advertisements will be broadcast on national television and radio as part of the Occupational Therapy marketing campaign.

Should one also take a look at the increasing number of marketing management students, at the ever-increasing pass rate, at the students' change in attitude towards learning and at the overwhelming enthusiasm and joy that is evident from students and lecturers alike, one cannot help but realise that this project is a success story. □

# GR, kom huis toe!

“There’s no place like home.”

Die BCom(Rekeningwetenskappe)-  
studente het moontlik hierdie gesegde  
in gedagte gehad toe hulle op 22 Mei  
Huis GR gestig het om die behoeftes  
van medestudente aan  
te spreek.



**P**rof Herman de Jager, direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO), en sy personeel verwelkom hierdie inisiatief van die studente. “As toekomstige geoktrooieerde rekenmeesters behoort die studente nou al te begin saamwerk en saamstaan,” sê prof De Jager.

Die SRO ondersteun Huis GR heelhartig en voorsien die infrastruktuur waarbinne hulle kan funksioneer. Die bestuur en aktiwiteite word in die studente se hande gelaat.

Die voorsitter is mnr Errol McKenzie, ’n derdejaar BCom-(Rekeningwetenskappe)-student en voormalige hoofseun van *Glen High School*. Hy wys daarop dat die Huis die belange van sy lede deur verskeie aktiwiteite wil dien.

Hulle onderhandel byvoorbeeld met groot ondernemings vir spesiale afslag vir hul studente. Hulle het reeds by ’n bekende handelsbank ’n spesiale studenteleningspakket vir hul studente beding.

Die BCom (Rekeningwetenskappe)-graadkursus is hoogs gespesialiseerd en dié studente-organisasie verseker meer direkte kontak tussen lede van die rekenmeesters-professie en studente. Sosiale



funksies en sportdae bied geleentheid vir 'n sosiale en akademiese netwerk. In die oriënteringsweek vroeg volgende jaar sal eerstejaars by 'n vleisbraai meer van hulle Huis te wete kom. As hulle belangstel om aan te sluit kan hulle al die voorregte geniet wat gratis lidmaatskap van dié organisasie bied.

Skakeling met veral internasionale universiteite en studente geniet ook hoë prioriteit. Die infrastruktuur en netwerk waaroor Huis GR beskik, stel hulle in staat om by internasionale skakeling betrokke te raak. So is nouer kontak met studente van die Erasmus Universiteit in Rotterdam onlangs bewerkstellig toe 20 studente van dié Universiteit se *Economische Faculteitsvereniging* Suid-Afrika besoek het. Lede van die Huis was nie net behulpsaam met die reël van afsprake en huisvesting vir die gaste nie, maar het ook betrokke geraak by hul navorsing.

Dat hierdie studente ernstig is om hulself voor te berei vir hul

toekomstige loopbane, is gewis. Groot inisiatief is aan die dag gelê toe hulle op 28 Augustus vanjaar 'n seminar oor sake-etiket aangebied het. Mev Emsie Schoeman, 'n kenner op die gebied, het die seminar gelei. "Etiket is nie 'n eienskap waarmee 'n mens gebore word nie; dit is iets wat 'n mens moet ontwikkel en voortdurend moet verbeter," sê sy. Onderwerpe wat behandel is sluit in selfvertroue; 'n professionele beeld na buite; ontvangs van kliënte; korrekte kantoorgedrag en hoe om ontoereikende kliënte te benader.

Die verskeidenheid van aktiwiteite wat aangedurf word, die entoesiasme waarmee al die projekte gehanteer en die sukses waarmee dit afgehandel word, is 'n bewys dat Huis GR werklik 'n tuiste vir Tukkies se BCom(Rek)-studente bied. □

**GESOEK**  
BCom(Rekeningwetenskappe)-  
studente van Tukkies

**BELONING**

- Akademiese hulp
- Skakeling met rekenmeesterspraktyk
- Spesiale pakket vir studenteleninge
- Internasionale kontak
- Sosiale funksies
- Gratis lidmaatskap

**KONTAK:**  
**Tjaart du Plessis**  
Tel: (012) 420-3417

## TER INFORMATIKA:

# Nasionale wenner aangewys!

**W**anneer die Departement Informatika iets doen, doen hulle dit deeglik. Neem nou maar die jaarlikse BankorpData-rekenaarkompetisie as voorbeeld. Die Departement het in 1991 vir die eerste keer aan dié nasionale kompetisie deelgeneem en hul student, mnr Dawie Verryne, het met die louere weggestap.

Die uitslag van die kompetisie is gedurende Februarie vanjaar tydens 'n onthaal in die *Johannesburg Sun* bekend gemaak. 'n Totaal van 32 inskrywings van 13 universiteite en teknikons is ontvang.

Die feit dat 'n Tukkies die prys vir die beste praktiese rekenaarprojek ingepalm het, is reeds 'n trotse prestasie. Mnr Verryne het egter ook 'n kontantbedrag van R3 000

ontvang en toerusting ter waarde van R25 000 vir die Departement losgeslaan.

Mnr Eben de Klerk, voormalige uitvoerende hoof van Bankorp Dienste, het tydens die geleentheid na die belangrike rol wat universiteite en teknikons in die opleiding van personeel in die rekenaarbedryf speel, verwys. "Die kompetisie het onder meer ten doel om erkenning aan hierdie instellings te gee," het hy gesê.

Prof Dewald Roode, hoof van Departement Informatika, het gesê: "Die BankorpData-rekenaarkompetisie is 'n positiewe bydrae van die bedryf wat studente motiveer om steeds hoër kwaliteit werk te lewer."

Mnr Verryne se wenprojek, getiteld *Direkte bemerking kon-*

*trolestelsel*, is 'n moderne rekenaarsstelsel wat gebruik kan word deur enige persoon wat betrokke is by direkte bemerking.

Die stelsel stel die bemarker in staat om deeglike kontrole te hou oor al sy/haar kliënte, bestellings, agente, verskaffers, gasvrouens, produkte en finansies.

Produktiwiteit en winsgewendheid kan aansienlik verhoog word, aangesien die gebruiker van dié stelsel effektiewe inligtingsbestuur kan toepas en hy/sy onmiddellike toegang tot al die relevante inligting het.

Volgens mnr Verryne is die program gebruikersvriendelik en kan dit met groot vrug in die praktyk gebruik word. □

# Klawers is haar toetsbord



*Juanita Coetzee, belowende jong sangeres en tweedejaar BCom-student, is ernstig oor albei loopbane...*

**D**at Juanita Coetzee die beste van twee wêreldes het, is gewis. Die ooreenkoms tussen rekenaar en klavier strek vir haar veel verder as net die toetse en die klawers.

Mej Juanita Coetzee, 'n tweedejaar BCom(Informatika)-student, is ook 'n belowende jong sangeres. Haar eerste langspeelplaat, *Wanneer ek aan jou dink*, is vroeër vanjaar uitgereik. Christa Steyn en Jannie du Toit was van die medewerkers aan dié plaat.

Juanita het al verskeie vertonings gelewer, insluitende optredes saam met bekende persoonlikhede soos Janita Claassen, André Schwartz, Lucas Maree, Ronny Belcher en Amanda Luyt. Haar musiek bevat 'n ryk klankverskeidenheid vir liefhebbers van alle soorte musiek. Haar stem word beskryf as sterk, suiwer en groot in omvang. "Ek wil graag iets aanbied wat in elke persoon se musieksmaak val, maar wat steeds eie aan myself is," sê sy.

As in ag geneem word dat sy eers in 1990 die professionele musiekwêreld betree het, is die op-

gang wat sy al gemaak het soveel merkwaardiger. "Ek wou altyd graag sing, maar het êrens gehoor dat dit beter sal wees om eers op sestienjarige ouderdom met sanglesse te begin. Toe wag ek maar," sê sy. Juanita het toe maar "solank" met klavierlesse begin en mettertyd Graad VII aan Unisa verwerf.

Nadat sy in 1986 aan die Hoërskool Die Wilgers gematrikuleer het, het sy haar as verpleegster by die SAGD aangesluit. Daar het die sanggogga weer gebyt. "Ek het aanvanklik net vir groepe pasiënte gesing, maar het gou besef dat sang vir my baie belangrik is. Ek het toe met sanglesse en ander voorbereidings begin met die oog op 'n debuut," verduidelik sy.

In 1990 skryf Juanita vir die BCom(Informatika)-graad in. Met al die aandag en tyd wat in die voorbereiding van haar sangloopbaan gegaan het, slaag sy steeds as 'n volbloed-Tukkie in die voorbereiding vir haar "ander" loopbaan. Sy dien onder meer in die Dailies Kuns en Kultuur-subkomitee in 1990, tree op as klasleidster

vir Statistiek en Informatika in 1990 en as hulpdosent vir Finansiële Rekeningkunde in 1991 en 1992.

Op 'n vraag oor hoekom sy BCom(Informatika) kom studeer terwyl sy eintlik haar visier stel op 'n sangloopbaan, antwoord sy laggend dat studies haar stokperdjie is. "Ek sê dit net omdat my studie vir my interessant is; omdat dit iets is wat ek eerder wil as moet doen en omdat my tydsbesteding daaraan soveel beperk word deur my musiek en sang," stel sy dié opmerking gou in die regte lig.

Sy beklemtoon die erns met haar BCom-studie. Sy beskou dit as 'n langtermynbelegging - nie net omdat dit 'n loopbaan in rekenaars en inligtingsbestuur sal moontlik maak as sy ten gunste daarvan sou besluit nie, maar ook omdat 'n BCom-grad van groot waarde in haar sangloopbaan kan wees. "Ek wil genoeg weet van basiese bestuursbeginsels en rekenaars sodat ek my eie sake professioneel en effektief kan behartig," sê sy. □



**U wil 'n  
gedugte  
mededinger wees !**

**U het hulp nodig !**

**Gebruik  
die een wat kan.**

**DIE NPI**

**"Wenners doen dit !"**



**BESTUURSKONSULTANTE**

TEL: {012} 341-1470    {021} 946-2267    {031} 23-2090  
Charles Lundall    Selwyn Lange    Tim Taylor

# Ons is altyd aan jou kant

Prestasi, Suid-Afrika se grootste onafhanklike  
persoonlike versekeringsmakelaar sal toesien dat  
jou versekeringseis betaal word.

Vinnig en alles wat aan jou verskuldig is.

Tree gerus in verbinding met jou naaste Prestasi-kantoor.



Ons is altyd aan jou kant.

---

Port Elizabeth (041) 55-8313; Oos-Londen (0431) 43-3860; George (0441) 74-1516; Kaapstad (021) 25-4411; Somerset-Wes (024) 51-7844; Kimberley (0531) 81-1455; Bloemfontein (051) 30-3053; Durban (031) 301-2220; Pietermaritzburg (0331) 94-6120; Uvongo (03931) 5-1750; Witbank (0135) 5801; Bethlehem (01431) 3-7854; Pretoria: Schoemanstr (012) 322-0603, Van der Waltstr (012) 325-5030, Lynnwood Glen (012) 348-9337; Pietersburg (01521) 91-1295; Nelspruit (01311) 5-2284; Kempton Park (011) 394-4615; Wes-Rand (011) 763-6333; Johannesburg: Pleinstraat (011) 29-7531; Randburg (011) 789-6196; Vanderbijlpark (016) 81-6124.

---